
September - Oktober 2012

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 11, No. 5 Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Sep-Okt 2011 *Tomorrow's World*-tydskrif



## Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

# Waarom straf God?

In hierdie uitgawe se hoofartikel bewys ek uit die Skrif dat God die Amerikaners en nasies van Britse afkoms gaan **tugtig**. Baie sal egter vra: "**Straf** die ware God werklik individue en selfs *nasies*?" Dit is iets wat baie min mense regtig verstaan. Nogtans is u Bybel *gevul* met die antwoorde!

Baie sentimentele mense sê dat aangesien "God **liefde** is", dit verkeerd is om te dink dat Hy mense en nasies mag **straf**.

Wat is egter die *Waarheid*?

Soos met byna *alle* godsdienstige onderwerpe, hang dit af van hierdie sleutelpunt: "Glo u **werklik** die Bybel?" Baie mense beweer dat hulle die Bybel glo, maar hulle oortuigings en woorde verskil oor en oor van die Skrif, alhoewel die Bybel beskryf **wie** God is en **hoe** Hy optree.

Dus, wat is die Waarheid? Jesus Christus sê: "... u woord *is* die waarheid" (Johannes 17:17).

Let op wat die Skrif werklik sê: "En julle het die vermaning heeltemal vergeet wat tot julle as seuns spreek: My seun, ag die tugtiging van die Here nie gering nie en beswyk nie as jy deur Hom bestraf word nie; *want die Here* tugtig *hom wat Hy liefhet*, en Hy **kasty** elke seun wat Hy aanneem" (Hebreërs 12:5-6). Die Almagtige God "tugtig" of **straf** dus verseker elke indiwidu waarmee Hy deel, vir daardie *persoon se eie beswil*. Wat dan van **nasies**?

God sê aan die antieke Israeliete: "Maar as julle nie na My luister en al hierdie gebooie nie doen nie; en as julle my insettinge verwerp, en as julle siel van my verordeninge 'n afsku het, sodat julle nie al my gebooie doen nie en my verbond verbreek – dan sal Ék dit ook aan julle doen: Ek sal verskrikking oor julle beskik: die tering en die koors wat die oë verteer en die lewe laat versmag; julle sal ook tevergeefs julle saad saai, want julle vyande sal dit opeet" (Levitikus 26:14-16).

Ons lees dan: "En as julle dan nog nie na My luister nie, sal Ek voortgaan om julle sewevoudig weens julle sondes te **tugtig**. En Ek sal julle trotse mag verbreek, en sal julle hemel maak soos yster en julle aarde soos koper. En julle krag sal tevergeefs verbruik word, want julle land sal sy opbrings nie gee nie, en die bome van die land sal hulle vrugte nie gee nie" (verse 18-20).

Hier gebruik u Bybel **ondubbelsinnig** die woord "tugtig" in die beskrywing van hoe die **Skepper** gaan handel met *nasies* en indiwidue. Wanneer mense wat *beter behoort te weet* hulle heeltemal distansieer van die Skepper – en Sy wette en insettinge "verag" deur hulle woorde en handelinge – *sal* die Almagtige God *verseker* ingryp en hulle tugtig vir hulle eie beswil.

Elders lees ons ook: "Maar as jy nie luister na die stem van die HERE jou God, om sorgvuldig te

hou al sy gebooie en sy insettinge wat ek jou vandag beveel nie, dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal. Vervloek sal jy wees in die stad, en vervloek sal jy wees in die veld. Vervloek sal wees jou mandjie en jou bakskottel. Vervloek sal wees die vrug van jou liggaam en die vrugte van jou land, die aanteel van jou beeste en die aanteel van jou kleinvee. Vervloek sal jy wees by jou ingang, en vervloek sal jy wees by jou uitgang. Die HERE sal teen jou stuur die vervloeking, die verwarring en die bedreiging in alles waar jy jou hand aan slaan, wat jy moet doen; totdat jy verdelg is en totdat jy gou tot niet gaan vanweë die boosheid van jou handelinge, dat jy My verlaat het" (Deuteronomium 28:15-20).

**Waarom** gaan daar dus skynbaar so baie dinge verkeerd met ons Westerse nasies? **Waarom** het ons afwisselend **droogte** en **oorstromings** (Amos 4:7-8), die verskriklike **skuldkrisis** wat Amerika en ander Westerse nasies trotseer, asook ander soortgelyke krisisse? Dit gaan alles terug na die feit dat ons die God van die hemel "verag" – die Een wat ons werklik die seëninge gegee het wat ons as vanselfsprekend begin aanvaar het! Ons in Amerika en die nasies van Britse afkoms het meer Bybels versprei, meer sendelinge en meer kos en mediese voorrade uitgestuur na lande wat dit nodig gehad het *as*

*Vervolg op bladsy 27*

## Inhoudsopgawe

**Voorblad**

**Persoonlik – Waarom straf God?**
Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**Wat lê binne-kort vir u voor?** 3
U lewenswyse gaan absoluut aan skerwe spat binne die volgende paar jaar. Hierdie artikel verduidelik hoe en waarom!

**Gevare van die okkulte** 8
Is vampier-stories net 'n bron van pret en plesier? Is heksery en astrologie skadelose stokperdjies, of kan hulle skade aanrig aan diegene wat dit beoefen?

**Wie sal die bewakers bewaak?** 13
Tagtigjarige Rupert Murdoch se verval in ongenade was net so vinnig as wat dit verootmoedigend was.

**Waarom bekommerd wees oor rommel?** 16
Sal ons ooit 'n oplossing vind vir die afvalprobleem?

**911 Plus 10** 20
Op 11September 2001 het 'n stomgeslane wêreld toegekyk hoe tragedie die twee torings van die Wêreld Handelssentrum in New York City tref.

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23

**Profesie neem gestalte aan** 24

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Roderick C. Meredith
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Uitvoerende Redakteur**
William Bowmer
**Besigheidsbestuurder**
J. Davy Crockett, III

**Streeksredakteurs**
Bruce Tyler (Australië)
Gerald Weston (Kanada)
Rod King (Europa)

**Nuusburo**
June Olsen

**Streekskantore**

**VSA:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIë:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (061) 8 8383 6288
Faks: (061) 8 8127 9667

**KANADA:**
P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 2B9
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**FILIPPYNSE EILANDE:**
PO Box 492
Araneta Center 1135, Philippines
Tel: 63-2-723-0499
Faks: 63-2-414-5349

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 058 623 1303

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.**

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.**

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

**Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).**

# Wat lê binnekort vir u voor?

Deur Roderick C. Meredith

*U lewenswyse gaan absoluut aan skerwe spat binne die volgende paar jaar. Hierdie artikel verduidelik hoe en waarom!*

Werklik *verbysterende* gebeure lê binnekort voor vir ons wêreld – veral vir die Amerikaners en die volke van Britse afkoms. Mag God u almal help wat hier lees, om **wakker te skrik**! Na bykans 60 jaar in God se Werk, moet ek aan u hierdie ernstige waarskuwing gee *terwyl ek dit nog kan doen*.

Baie mense sal spot en verskonings vind om wat ek nou aan u skryf te ignoreer of te verkleineer. Soos die spreekwoord egter sê: "Ondervinding is die beste leermeester". U sal **nie** baie lank hoef te wag voordat hierdie skokkende dinge sal begin plaasvind nie. Inderdaad is verskeie van hulle *alreeds onderweg*!

Terwyl ek hier skryf, is 'n groot "*gay pride*" parade aan die gang in New York City. Hulle vier dat – met 'n skrale vier-stem meerderheid op 24 Junie 2011 – New York se wetgewers dieselfde-geslag "huwelike" wettig verklaar het in hulle staat. Mans "trou" met mans en vrouens "trou" met vrouens. Homoseksuele aktiviste en hul ondersteuners is uitbundig gelukkig oor hierdie omwenteling van 'n lank-bestaande verskansing van tradisionele sedelikheid.

Wat hierdie mense, vasgevang in hul verdorwenheid, nalaat om te erken, is dat die Skepper en Insteller van die *werklike huwelik* **heeltemal geïgnoreer** word asook dat Sy Woord onteer word deur hierdie opstand teen 'n eerbiedige instelling wat Hyself ingestel het! Gaan die Almagtige God werklik iets hieraan **doen**? Wat is *Sy* reaksie op dieselfde-geslag "huwelike" en ander walglike praktyke wat lynreg teen Sy wil is? Wat gaan met ons mense gebeur omdat ons voortgaan om **miljoene** ongebore babas te *vermoor*? Wat sal ons moet verduur as gevolg van ons toenemende onsedelikheid, met miljoene paartjies wat "saamwoon" asof dit glad niks ernstigs is nie? Wat gaan van ons samelewing word namate ons die verdere vernietiging van tradisionele gesinne sien en die opkoms van hedonisme in al sy vorms? Wat sal die gevolg wees van die algehele eiegeregtige, hedonistiese, **goddelose** benadering van ons mense?

Ek gaan nou aan u kortliks 'n bondige *lys* gee van verskeie belangrike profetiese gebeure wat binnekort voorlê. Baie *meer gebeurtenisse* kan tot die lys gevoeg word, maar hierdie profetiese gebeure is van daardie waaroor ons in die *Wêreld van Môre* u al vir jare gewaarsku het – *selfs vir dekades.* Dink daaraan, soos ek later sal verduidelik, dat die Bybelse *bewyse* aangaande hierdie geprofeteerde gebeure reeds telkemale duidelik gemaak is in baie artikels in die *Wêreld van Môre*-tydskrif asook in baie van ons profetiese boekies – almal gratis beskikbaar op aanvraag. U *benodig* egter 'n **oorsig** van die "geheelbeeld" van die dinge wat binnekort voorlê, om u te help om te weet ***waarvoor*** om "op die uitkyk te wees" in naderende wêreldgebeure en om *u gebede* aan die Almagtige God te *inspireer*.

Wat gaan dus binnekort plaasvind?

## Twaalf sleutelgebeure wat binnekort voorlê

*EERSTENS*, Amerika se afwaartse spiraal sal voortduur *totdat die nasie* **vernietig** is. Daar sal natuurlik kleinere op- en afwaartse tendense langs die pad wees. Maar, *tensy die Amerikaners* hul bekeer, sal die God van die hemel hul nasie se trotse mag "verbreek" – wat sekerlik *finansiële* mag insluit wat die "Amerikaanse droom" moontlik gemaak en wat so baie mense in die wêreld beny het.

*TWEEDENS,* die *militêre* mag van die Engelssprekende nasies sal toenemend verswak, totdat dit uiteindelik **vernietig** is.

Amerika en Engeland het tesame die Eerste en Tweede wêreldoorloë gewen, asook verskeie ander noemenswaardige konflikte. *Tensy ons* egter **bekeer**, is die pad van nou af, net *afwaarts* en **uit**! Tensy ons bekeer, sal ons nooit weer 'n noemenswaardige oorlog wen nie. Voordat u begin grynslag, "wees op die uitkyk" vir nog net 'n paar jaar en *sien dit gebeur*.

DERDENS, 'n kombinasie van kragtige "natuur"-rampe sal voortgaan, met toenemende felheid, om die krag van die Anglo-Saksiese-Keltiese afstammende nasies te verswak en te vernietig. Die Almagtige God "beheer die weer egter werklik". God het ons voorvaders lank gelede gewaarsku: "Alhoewel Ék die reën van julle teruggehou het toe dit nog drie maande voor die oestyd was en op die een stad laat reën maar op die ander nie laat reën het nie, die een stuk land reën gekry het, maar die ander waarop geen reën geval het nie, verdor het; en twee, drie stede na een stad geslinger het om water te drink sonder om die dors te les – nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie, spreek die HERE" (Amos 4:7-8).

VIERDENS, as gevolg van bogenoemde krisis, sal die Amerikaners en die nasies van Britse afkoms binnekort toenemend hongersnood en droogte ervaar. Met toenemend meer mense wat sonder werk is en nie in staat is om die stygende pryse van skaars kos en water te bekostig nie, sal daar 'n skokkende toename wees in die aantal gesinne wat honger ly. In die toekoms kan nie slegs "werk onluste" verwag word nie, maar ook "voedsel onluste" en massiewe burgerlike onrus as gevolg daarvan!

VYFDENS, siekte-epidemies *sal toenemend voorkom*! Geslagsoordraagbare siektes soos VIGS, sifilis, gonorree en herpes sal die voortou neem, as gevolg van ons nasies se walglike lewensstyl en goddelose weë. Die Ewige God sal **nie** toelaat dat ons verdorwe gedrag voortduur sonder dat die **strawwe** wat sulke losbandigheid regverdig, toenemend voorkom nie. *God laat nie met Hom spot nie*!

SESDENS, die soewereiniteit van die Engelssprekende nasies sal geweldig verswak en selfs oorheers word deur immigrante wie se waardes teenstrydig is met dié van hul gasheer-lande. Ons sien selfs nou roeringe van die "Reconquista"-beweging in die Amerikaanse Suid-Weste, waardeur sekere voorspraakmakende Spaans-Amerikaanse groepe daarop aandring om groot dele van Kalifornië, Arizona, Nieu Mexico en Texas "herverower" te sien deur Mexico. As gevolg van hierdie politieke druk, asook die maatskaplike druk wat veroorsaak word deur dwelmsmokkel en ander misdade in noordelike Mexico, kan Amerika verwag dat die verskriklike geweld aan sy suidelike grens sal voortduur en toeneem – met *duisende* mense wat aangerand, vermink, verkrag en vermoor sal word!

TEN SEWENDE, in 'n verskynsel wat voorheen meestal beperk was tot Europa, sal radikale Islamiete begin om, soos nog nooit voorheen nie, hulself te laat geld in Amerika en eis dat hulle Moslemse wette toegelaat moet word om Amerikaanse burgers te regeer. Wees op die uitkyk vir 'n toename in intimidasie – van plaaslike regerings – deur "politieke korrektheid" en selfs openlike geweld – as daardie ekstrimiste nie hul sin kry nie.

TEN AGTSTE, China sal nie die oorheersende mag van die 21ste eeu wees nie. Self geteister deur toenemende finansiële en maatskaplike probleme, sal die Chinese invloed afneem en sal 'n "Europese Ryk", **gelei deur Duitsland**, na vore beur in wêreldsake. 'n Verbrokkeling van die huidige struktuur van die Europese Unie en die ondergang of ineenstorting van die euro geldeenheid, sal gevolg word deur die kragtige samesmelting van tien nasies in Europa – wat gelei sal word deur 'n baie charismatiese "leiersfiguur". Daardie leier sal die geprofeteerde "Dier" wees, wat beskryf word in Openbaring 17 en 18. Dit sal die laaste herlewing van die historiese Heilige Romeinse Ryk wees, wat Europa vir eeue lank oorheers het. Dit sal die heel invloedrykste menslike entitiet op die hele aarde word (sien Openbaring 13).

TEN NEGENDE, vandag sien die meeste waarnemers 'n gemoderniseerde, verwarde Rooms-Katolieke Kerk, gewond

deur skandale van kindermolestering en ander onsedelike praktyke. Anders as wat baie mense verwag, openbaar profesie dat 'n herbekragtigde verenigde en magtige Roomse Kerk gedurende die volgende paar jaar sal verskyn as 'n wêreldleidende invloed. Na aan die einde van hierdie tydperk, sal dit lyk of die leier van daardie Kerk wonderwerke verrig. Die Skrif beskryf hierdie man as een wat letterlik "**vuur** uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense" (Openbaring 13:13). Hierdie leier en sy kerk, wat gesamentlik en gelyktydig sal saamwerk met die herleefde Heilige Romeinse Ryk, sal die ware mense van God **vervolg**, soortgelyk aan wat dit in die Donker Middeleeue gedoen het (Openbaring 17:6).

*IN DIE TIENDE PLEK*, bevrees vir die mag van hierdie godsdienstig-politieke herlewing van die ou Romeinse Ryk, sal 'n groep Arabiese state in die Midde-Ooste en Noord-Afrika 'n alliansie vorm, gelei deur 'n leier wat in die Skrif beskryf word as die "koning van die Suide" (Daniël 11:40-45). Hierdie koning en sy magte sal die toekomstige Europese "Diermoondheid" uitdaag of aanval. Hulle handeling sal 'n gevaarlike Midde-Oosterse oorlog verhaas, wat uiteindelik die uitbreidende bedreiging van Islam sal **verbrysel**.

*IN DIE ELFDE PLEK*, God sal meer as ooit tevore letterlik die Amerikaners en die volke van Britse afkoms "skud" met aardbewings. Jesus Christus het geprofeteer toe Hy die eindtydse gebeure beskryf het: "En daar sal **groot** *aardbewings* op verskillende plekke wees" (Lukas 21:11). Mense wat sinies is sê dat hulle nie enige statistiese bewyse sien van 'n noemenswaardige toename in die getal of graad van intensiteit van onlangse aardbewings nie – maar met die groeiende wêreldbevolking is dit nie te betwyfel dat miljoene meer mense as ooit tevore, daardeur geraak sal word nie. Afgesien van wat die spotters sê, raak daardie skuddings al hoe meer. Dit is nie slegs mense wat die Bybel bestudeer wie in die afgelope jare die groot toename in sterkte van aardbewings, vanaf Haïti en Chili in die Westelike Halfrond, tot Japan, Sumatra en Christchurch en andere in die Oostelike Halfrond, opgemerk het nie. Die grote God – wie nie net die weer beheer nie, maar Sy *hele* skepping – sê: "Nog een maal laat Ek nie alleen die aarde nie, maar ook die hemel bewe" (Hebreërs 12:26). Watter soort "skudding" sal dit verg om die meeste mense wakker te skud? Toenemende **miljoene** Amerikaners en volke van Britse afkoms begin om God se Wet en Sy verordeninge te "verag" – die hele *lewensweg* wat die Bybel aan ons voorhou. Presies soos dus voorspel is, begin die Almagtige God nou om Sy ingryping krahtiger te maak om ons tot ons sinne te "skud"!

*IN DIE TWAALFDE PLEK*, die *ware* Jesus Christus – die Christus van die Bybel – sal finaal terugkeer na hierdie aarde as Koning van die konings (Openbaring 11:15). Skokkend, omdat die nasies van hierdie wêreld so *heeltemal mislei* is, sal honderde miljoene ontstoke mense letterlik teen **Jesus Christus Self** veg – asof Hy een of ander gevreesde vreemde invaller uit die ruimte is – wanneer Hy na die planeet Aarde terugkeer om vrede en gesonde verstand in hierdie verwarde wêreld te hervestig (Openbaring 17:14).

Teen die einde van hierdie tydperk sal die grootste deel van die mensdom geweldig verwar word deur Satan die duiwel en sal allerhande soorte verdorwenhede aanhang – met inbegrip van nuwighede soos "dieselfde-geslag huwelike" en selfs erger as dit, tesame met bose godsdienstige gebruike wat laster teen die ware God insluit, selfs tot op die punt van *duiwelsaanbidding*. Ontelbare verwarde mense sal "**God vervloek**" wanneer Hy Sy plae oor hulle uitstort in 'n poging om hulle te verootmoedig en hul *wakker te skud*: "… en hulle het die God van die hemel gelaster oor hulle pyne en oor hulle swere, en het hulle nie bekeer van hul werke nie" (Openbaring 16:11).

**Bid vir BEGRIP**

My vriende, die aanvoorwerk vir sommige van hierdie vreeslike gebeure is reeds gelê **– nou**! Oor die volgende paar jaar van *u lewe*

sal u hierdie gebeure sien saamval. Onthou, **tensy** ons in Amerika en Brittanje asook ander moderne Israelitiese nasies ons waaragtig **bekeer** en begin om die Skepper-God – die God van die Bybel – te dien en te gehoorsaam, sal ons lewens **nooit** weer dieselfde wees nie.

Lesers wat hierdie tydskrif alreeds vir 'n geruime tyd lees weet dat ek gewoonlik nie so 'n eenvoudige en duidelike beskrywing aan u, as lesers, gee rakende die skokkende gebeure wat voorlê nie. Namate ons egter ons eie mense sien waansinnig, opgewonde en walglik raak in hulle opstand teen die ware God – soos die afstootlike insident in Junie 2010 toe die homoseksuele agenda hulle sin gekry het in New York met die goedkeuring van dieselfde-geslag "huwelike" – voel ek dit is my God-gegewe verantwoordelikheid om u nog meer as voorheen te help besef *waarheen dit alles lei*.

Geagte intekenaar, *verstaan asseblief mooi*! Die Almagtige God is **nie** beïndruk met die verblinde en verwarde mans en vrouens van die staat New York se Wetgewer nie. Nog minder word Hy geïntimideer deur gemene menslike redenasies van "liberale" regters in ons nasie se verwarde regstelsel. Nog minder word Hy uitgedaag deur *enige* nietige mens of groep mense. Die waaragtige God van die Bybel sê: "Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat Ek God is, en daar is geen ander nie; Ek is God, en daar is **niemand** soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat *nog* nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen" (Jesaja 46:9-10).

U behoort dus te verstaan **waarom** hierdie verskriklike dinge binnekort sal plaasvind. Weereens, ons het deur middel van ons tydskrifte en boekies oor die laaste paar jaar ons bes gedoen om dit alles duidelik te maak. Vir diegene van u wat egter nuwe intekenaars is of laat "ingeskakel" het, *dink asseblief hieraan*: Ons in Amerika en die ander nasies van Britse afkoms het *elke geleentheid* gehad om die geïnspireerde openbaring wat van God af kom – die Heilige Bybel – te bestudeer en te *verstaan*. Dit is voor-die-hand-liggend dat ons die God van die Bybel *verwerp het*. Ons het as't ware die Tien Gebooie as 'n gids vir Christelike lewenswyse, by die agterdeur "uitgegooi". Ons verbied toenemend die gebruik van die woorde "God" of "Jesus Christus", in baie van ons openbare vergaderings.

Dit is eenvoudig **verstommend**, as u daaraan dink dat, oor die laaste 200 jaar of meer, sodanige uitinge van agting vir die Almagtige, byna **altyd** ingesluit was! Die meeste van ons belydende "Christelike" leiers is ook in algehele verwarring – hul sluit dikwels aan by "intergeloofs"-konferensies of sluit selfs aan by godsdienstige samekomste waar *aanbidding* van Buddha of Alla ingesluit is tesame met die aanbidding van *hul* vervalste weergawe van Jesus Christus! Dit lyk of die meeste belydende Christene *geen bewustheid* of diepe agting het vir die kragtige leringe van die ware Jesus Christus van die Bybel, Wie onder andere gesê het: "En wat noem julle My: Here, Here! en **doen nie** *wat Ek sê nie*?" (Lukas 6:46).

Ware Christelikheid is **nie** slegs een "opsie" tussen baie ander ewe geldige godsdienste nie. Dit is **die** unieke Waarheid – die Waarheid wat *alleen* die werklike oorsprong van lewe verduidelik, die ware wette van die lewe, die werklike doel van lewe en hoe om daardie ontsagwekkende doel te bereik. Maar, weereens, Satan die Duiwel het 'n meesterlike werk verrig deur die hele wêreld *totaal te mislei*. Die apostel Paulus was geïnspireer om Satan te beskryf as "die god van hierdie wêreld" (2 Korinthiërs 4:4) en as die "owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk" (Efesiërs 2:2). Die geliefde apostel Johannes beskryf hom as die "duiwel en Satan wat die hele wêreld *verlei [mislei]*" (Openbaring 12:9).

Indien God u verstand open – moontlik deur hierdie einste Werk – dan behoort u te begin om die dinge wat ek nou sê, op een of ander manier te "bewys". **Indien ek** reg is, dan gaan **u** en u geliefdes **egter** die verskriklikste en mees traumatiese gebeurtenis in die ganse menslike geskiedenis beleef! Toe Hy die jare wat voorlê beskryf het, sê

Jesus Christus: "Want daardie dae sal daar 'n verdrukking wees soos daar nie gewees het van die begin van die skepping af wat God geskape het tot nou toe, en ook nooit sal wees nie" (Markus 13:19).

*Iewers op hierdie aarde het* die Almagtige God *wel* 'n ware Kerk met ware leraars wat aan u die werklike **Waarheid** sal leer. Dit berus by u om God te "soek" en noukeurig uit te vind en te **bewys** waar God besig is om te werk.

**Bid vir MOED**

My vriende, indien u die agtergrond van die boek Esegiël noukeurig bestudeer in Bybelwoordeboeke en ander bronne, sal u vind dat dit ongeveer 593-571 v.C. geskryf is. U sal ook vind dat die antieke "Huis van Israel" ongeveer 721 v.C. in Assiriese ballingskap geneem is – heelwat meer as 100 jaar **voordat** die boek Esegiël geskryf is! Nogtans, regdeur die boek Esegiël, beskryf God oor en oor die strawwe wat Hy beplan om oor die "Huis van Israel" te bring. Sy waarskuwing, soos Hy dit so duidelik maak, was nie slegs bedoel vir die "Huis van Juda" (die Joodse volk van vandag), wat destyds 'n heel ander nasie as Israel was, nie (Esegiël 3:1, 17; 4:1-6; 5:4).

Indien u Esegiël noukeurig bestudeer, *word dit baie duidelik* dat die meeste van die profetiese gebeure wat God beskryf, toekomstige gebeurtenisse is wat na aan die "eindtyd" sal plaasvind wanneer die moderne afstammelinge van antieke Israel weereens in ballingskap sal gaan. *Indien* u ons insiggewende boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*, bestudeer kan u *aan uself* **bewys** dat die Anglo-Saksiese-Keltiese volke – dwarsdeur Amerika, Brittanje, Kanada, Australië, Nieu Zeeland en Suid-Afrika, sowel as die vredeliewende volke van noordwestelike Europa – *werklik* die afstammelinge van die sogenaamde "Verlore tien stamme" van Israel is. Met daardie kennis sal u *besef* dat talle groot eindtydse profesieë direk praat met die *moderne afstammelinge van antieke Israel.* Dit is 'n belangrike "sleutel" om eindtydse profesieë te verstaan. Hierdie profesieë is besig om *tans* in vervulling te kom – voor ons eie oë!

In Esegiël 33 sê God dat Hy 'n "wag" aangestel het om Israel te waarsku oor wat hulle moet doen in die eindtyd. Kyk wat sê God: "As daarenteen die wag die swaard sien kom en met die basuin nie blaas nie, sodat die mense nie gewaarsku is nie, en die swaard kom en neem 'n siel uit hulle weg – dan is hy deur sy ongeregtigheid weggeneem, maar sy bloed sal Ek van die hand van die wag eis. En jy, o mensekind, Ek het jou as wag oor die huis van Israel aangestel; en as jy 'n woord uit my mond hoor, moet jy hulle van my kant waarsku" (Esegiël 33:6-7).

Ons by die *Wêreld van Môre* is deel van die Werk van die lewende Christus en volvoer die verantwoordelikheid van hierdie eindtydse "wag"! Ons verstaan dat die boodskap wat ons verkondig vir die meeste mense slegs 'n "getuienis" sal wees en nie gretig ontvang sal word nie. Die feit dat u egter hierdie artikel lees, beteken dat u heel moontlik een van daardie mense is wat God nou roep om die boodskap te verstaan en daarop te reageer! *Indien* u werklik geïnteresseerd is om meer te leer aangaande die **ware** profetiese gebeure wat binnekort voorlê asook om dit te verstaan, bestel dan asseblief – en **bestudeer** dit werklik aan die hand van u Bybel – ons gratis boekies, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?; Veertien Tekens wat Christus se Wederkoms Aankondig; Die Dier van Openbaring; Die Midde-Ooste in Profesie; Openbaring: Die Verborgenheid Onthul* en *Wie of Wat is die Antichris?* Om u gratis kopieë te bestel, nader die Streekskantoor naaste aan u (soos gelys op bl. 2 in hierdie tydskrif), of gaan na ons webwerf www.wvm.co.za om die boekies te bestel of om dit aanlyn te lees.

Ons in hierdie Werk *wil baie graag tot u diens wees*. U kan uitvind – indien u graag wil – dat ons daartoe verbind is om Jesus Christus se "Groot Opdrag" kragtig uit te voer. Ons besef dat dit kan beteken dat ons ons "gerieflike" lewens in die wêreld moet prysgee. Indien ons die Waarheid van God kragtig

*Vervolg op bladsy 26*

# Gevare van die okkulte

## Deur Richard F. Ames

*Is vampier-stories net 'n bron van pret en plesier? Is heksery en astrologie skadelose stokperdjies, of kan hulle skade aanrig aan diegene wat dit beoefen? Baie mense besef nie dat die okkulte nou die moderne kultuur deurdrenk en dat Christene waaksaam moet bly teen die bose invloed daarvan nie.*

Miljoene mense regoor die wêreld is navolgers van astrologie, toordery en die okkulte. Saai hulle die saad van verwoesting en vernietiging? Is hierdie net skadelose stokperdjies, of kan u werklike gevare in die gesig staar indien u u met die okkulte besig hou?

Vroeër vanjaar het ***Harry Potter and the Deathly Hallows: Deel 2***, op die eerste dag 'n rekord opgestel in die teaters, deur $92.1 miljoen in Amerika te in op Vrydag 15 Julie – daardeur is die vorige rekord met byna $20 miljoen gebreek. Daardie ou rekord was gehou deur 'n ander film met 'n okkultiese tema – ***The Twilight Saga: New Moon*** – wat $72.7 miljoen ge-in het op die vrystellingsdatum, 20 November 2009.

Die nuutste (en finale) film in die *Harry Potter*-reeks het voortgegaan om die vorige Amerikaanse rekord vir 'n openingsnaweek in kaartjieskantore te verpletter, deur $168.6 miljoen te in – heelwat meer as die vorige rekordhouer, ***The Dark Knight***. Hierdie jongste *Harry Potter*-rekordbreker het ook wêreldwyd rekords laat spat, en $307 miljoen gevoeg by kaartjieverkope buite Amerika, en daardeur die vorige rekordhouer, ***Pirates of the Caribbean: On Stranger Tides***, verbygesteek.

Met die nuwe *Harry Potter*-film wat meer as $475 miljoen in die eerste naweek na vrystelling ingebring het, is daar geen twyfel dat die okkulte 'n groot kaartjiekantoor trekpleister bly – en groot besigheid is nie. Sewe van die top 25 geldmaak-films van alle tye kom uit die agt-film *Harry Potter*-reeks – 'n reeks wat reeds meer as $5 miljard in kaartjieverkope verdien het.

Okkultiese temas is ook gewild in boeke. Die *Harry Potter*-films het natuurlik hul oorsprong gehad in die gedrukte media, met 'n geskatte 450 miljoen eksemplare van die sewe *Harry Potter*-boeke wat al verkoop is. Ander skrywers het munt geslaan uit hierdie neiging, die vier romans in die *Twilight*-reeks het saam meer as 100 miljoen eksemplare verkoop. *Twilight*-boeke is veral gewild by jong meisies, wat almal die verhaal gevolg het van 'n tienermeisie wat verlief raak op 'n eeu-oue vampier. Dit is dus geen verrassing dat die *Twilight*-boeke alreeds aangepas is vir verfilming nie; drie *Twilight*-films het meer as $1.8 miljard aan kaartjieverkope verdien, met 'n vierde, *Breaking Dawn, Deel 1*, wat beplan was vir uitreiking in November 2011.

Vandag se media-behebtheid met die okkulte strek veel verder as *Harry Potter*. Vyf-en-dertig jaar gelede het baie mense die TV-reeks, *Bewitched*, as kontroversieel beskou. Vandag lyk dit maar mak in vergelyking met sulke gewilde TV-aanbiedings soos *The Vampire Diaries* en *True Blood*, wat die okkulte ophemel.

Vir baie mense is die okkulte nogtans meer as fiksie. 'n *CBS News*-peiling in Februarie 2011 het bevind dat 48% van die respondente geglo het in die bestaan van spoke, met 22% wat beweer het dat hulle 'n spook persoonlik gesien het of die teenwoordigheid daarvan aangevoel het. Daardie syfer weerspieël die resultate van 'n 2006 *Ipsos Reid*-meningspeiling wat bevind het dat 47% van die Kanadese gerapporteer het dat hul oortuig is dat spoke bestaan, met 18% wat gesê het dat hulle al in die teenwoordigheid van 'n spook was. 'n Britse navorsingsfirma het ewe-eens bevind dat meer as 40% van die Britte in spoke glo. Dit is nogal 'n taamlike verandering sedert die 1950's, toe 'n *Gallup*-peiling bevind het dat net sowat een uit elke tien Britte in spoke glo ("*Four out of ten Britons believe in ghosts*", *The Sunday Times of London*, 13 April 2009).

Selfs leiers van nasies volg

die okkulte na. Donald Regan, voormalige hoof van die Withuis se personeel, skryf in sy outobiografie, *For the Record*, dat President Ronald Reagan se reise en aktiwiteite deur 'n astroloog van sy vrou se keuse, nagegaan is. Die *London Daily Telegraph* het berig dat die voormalige Britse premier, Margaret Thatcher, 'n astroloog geraadpleeg het "vir tekens van toekomstige gevare". Die meeste lede van die Indiese Parlement het persoonlike astroloë in hul gevolg. Selfs in die voormalige Sowjet-Unie, eens 'n bolwerk van materialisme, het die okkulte die septer geswaai, omdat Rusland "verswelg is deur astroloë, onbekende vlieënde voorwerp-kenners, waarsêers, parapsigoloë, pseudo-dokters en ander kwaksalwers, aangaande wie ware wetenskaplikes selde pogings aanwend om te weerspreek ... Een van die belangrikste take van 'n senior amptenaar in die Presidensiële Veiligheidsdiens is om astrologie te bestudeer en horoskope voor te berei" (*London Daily Telegraph*, 29 Julie 1996).

**Hoe is die mensdom mislei?**

Die Skrif onthul die bron van okkultiese misleiding. "En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp" (Openbaring 12:9). Satan het die hele wêreld verlei [mislei], nie net 'n deel van hierdie wêreld nie. Hy het ook geestelike helpers, wat demone genoem word.

Hoe mislei Satan die hele wêreld? Hy doen dit deur middel van die okkulte, vals godsdiens en vals onderwys – deur middel van 'n maatskaplike stelsel wat soek na losbandige plesier, eerder as na God! Die profeet Jesaja het geskryf: "En as hulle vir julle sê: Raadpleeg die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê, wat piep en mompel – moet 'n volk nie sy God raadpleeg nie; moet vir die lewendes die dooies gevra word?" (Jesaja 8:19). Na wie soek mense deesdae: Mediums, towenaars of die ware God? Jesaja skryf: "Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen dageraad het nie" (Jesaja 8:20).

Ons behoort te verstaan dat daar 'n werklike geestelike wêreld is! Gee ag aan hierdie waarskuwing: "As jy kom in die land wat die HERE jou God jou sal gee, moet jy nie leer om volgens die gruwels van daardie nasies te doen nie. Daar mag niemand by jou gevind word wat sy seun of sy dogter deur die vuur laat deurgaan – wat met waarsêery, goëlery of met verklaring van voortekens of towery omgaan nie, of wat met besweringe omgaan, of wat 'n gees van 'n afgestorwene vra of 'n gees wat waarsê, of wat die dooies raadpleeg nie" (Deuteronomium 18:9-11).

Die Almagtige God veroordeel towery en heksery. Indien u "rondspeel" met sulke duisterhede, dan behoort u daardie onderwêreld van boosheid te verwerp! Soek na die ware God van u Bybel! God se waarskuwing gaan voort: "Want elkeen wat hierdie dinge doen, is vir die HERE 'n gruwel; en om hierdie gruwels ontwil verdryf die HERE jou God hulle voor jou uit. Opreg moet jy wees met die HERE jou God. Want hierdie nasies wat jy uit hulle besitting verdrywe, luister na goëlaars en waarsêers; maar wat jou aangaan, die HERE jou God het jou nie so iets toegelaat nie"(Deuteronomium 18:12-14).

Kan enigiets meer duidelik wees aangaande die euwels van heksery en towery? Tog leer miljoene volwassenes hulle kinders dat daar niks verkeerd is met 'n *Harry Potter* wat aktief heksery en towery bedryf nie. Die profeet Samuel het egter aan Koning Saul gesê dat waarsêery sonde is. "Want wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery en beeldediens. Omdat jy die woord van die HERE verwerp het, het Hy jou as koning verwerp" (1 Samuel 15:23).

**Geestelike hoerery?**

Is daar "onskuldige" maniere om "pret" te hê met die okkulte? Sommige mense argumenteer dat om hul op te tooi in monsteragtige Halloween kostuums slegs skadelose speletjies is, en rasionaliseer dat ouers wat hul kinders Halloween

laat vier, hulle nie aanmoedig om hulself bloot te stel aan simbole en gebruike van die okkulte nie. Ouers wat egter hierdie benadering volg, plaas hul kinders se geestelike lewens op die spel, deur die duiwel se invloed te onderskat (Efesiërs 2:2; 2 Korinthiërs 4:4).

Selfs op die vlak van fisiese veiligheid, kom meer en meer ouers tot die besef dat die Halloween gebruike van "trick-or-treat", kinders kan blootstel aan ernstige gevaar. In die bogenoemde *Ipsos Reid*-studie, is bevind dat 84% van Kanadese saamstem met die stelling: "In hierdie dag en tyd, is dit onveilig vir kinders om op Halloween te gaan "trick-or-treat" sonder 'n volwassene wat toesig hou".

As ouers maar net so bekommerd was oor hul kinders se geestelike veiligheid! God sê dat deelname aan die okkulte geestelike hoerery is (Psalm 106:35-39)! Hoe het God Sy volk vir hulle goddeloosheid gestraf? "Toe het die toorn van die HERE ontvlam teen sy volk, en Hy het 'n afsku gekry van sy erfdeel. En Hy het hulle in die hand van die heidene gegee, en hulle haters het oor hulle geheers; en hulle vyande het hulle verdruk, sodat hulle onder hul hand moes buig" (Psalm 106:40-42). Die volk van Israel het in ballingskap gegaan as gevolg van hierdie gruwelike praktyke. 'n Groot verdrukking en ballingskap sal ook oor ons nasie kom, indien ons nie daarin slaag om ons te bekeer van ons bose bedrywighede nie!

In die evangelie van Lukas vind ons dat ons Verlosser baie mense genees het wat geteister was deur bose geeste: "En in dieselfde uur het Hy baie mense genees van siektes en kwale en bose geeste, en aan baie blindes die gesig geskenk" (Lukas 7:21). Leer ons ons kinders om bose geeste te lok en vriendskap met hulle te kweek gedurende *Halloween*? Om soos 'n demoon of heks aan te trek, lok eerder boosheid uit, as om hulle teen te staan!

Die apostel Jakobus beveel ons om die bose te weerstaan, nie om dit te voed nie! "Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug" (Jakobus 4:7). Dit is u Skepper se opdrag aan u! Hy belowe dat die duiwel dan van u sal wegvlug. Ja, "Weerstaan die duiwel"! Moet nie aansluit by die massas en deelneem aan viering van die donker wêreld van Satan en die okkulte nie! Moet nie deelneem aan die duistere gebruike van Halloween of enige ander soortgelyke praktyke nie.

Let op na God se waarskuwings teen die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê: "Begeef julle nie tot die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê nie. Soek hulle nie om julle deur hulle te verontreinig nie. Ek is die HERE julle God" (Levitikus 19:31). Die Skepper God sê uitdruklik dat ons mediums en spiritiste moet vermy. Hy wil nie hê dat u besoedel moet word deur bose invloede nie. Let op Sy sterk taal: "En as 'n persoon hom begewe tot die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê om agter hulle aan te hoereer, sal Ek my aangesig teen dié persoon rig en hom uitroei onder sy volk uit. Toon dan dat julle heilig is en wees heilig, want Ek is die HERE julle God" (Levitikus 20:6-7).

Wanneer 'n persoon met geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê omgaan, sê God dat die persoon homself onteer. Christene behoort skoon en ongeskonde te wees. Hulle behoort "heilig" te wees, soos ons nou net gelees het. Onthou wat die apostel Petrus skryf: "Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word, omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig" (1 Petrus 1:15-16).

**Astrologie en valse profesie**

Satan mislei ook die mensdom deur middel van sterrekunde. Volgens die *Encyclopaedia Britannica*: "Astrologie het in Mesopotamië ontstaan, moontlik in die 3de millennium v.C., maar bereik sy volle ontwikkeling veel later in die Westerse wêreld, binne die omwenteling van die Griekse beskawing tydens die Hellenistiese tydperk. Dit het in sy ouer Mesopotaamse vorm na Indië versprei. Die Islamitiese kultuur het dit geabsorbeer as deel van die Griekse erfenis; en in die Middeleeue, toe Wes-Europa sterk beïnvloed was deur die Islamitiese wetenskap, het Europese astrologie ook die invloed van die Ooste beleef ... Alhoewel verskeie Christelike

rade astrologie veroordeel het, is die geloof in die wêreldbeskouing wat dit impliseer, nie ernstig daardeur geskud nie. In die latere Europese Middeleeue het 'n aantal universiteite, waaronder Parys, Padua, Bologna en Florence, leerstoele vir astrologie gehad".

Alhoewel alle ware Christene astrologie oor die jare heen veroordeel het, het dit bly voortbestaan. In ons moderne tyd erken astroloë dat die koerante se verskeidenheid van horoskope se advies hoofsaaklik vir vermaak is. Wanneer wêreldleiers egter astroloë raadpleeg vir leiding, is hulle op soek na die verkeerde god! Luister na God se waarskuwing deur die profeet Jeremia: "So sê die HERE: Maak julle nie gewend aan die weg van die heidene nie, en skrik nie vir die tekens van die hemel, omdat die heidene daarvoor skrik nie" (Jeremia 10:2).

Ons het alreeds gesien dat Jesus voorspel het dat tekens en wonders baie mense sal mislei. Die boek van Openbaring onthul dramatiese gebeure wat gaan lei tot die wederkoms van Christus. Daar sal 'n groot valse profeet en godsdienstige sisteem wees wat wonderwerke, tekens en wonders verrig. Die apostel Johannes skryf oor hierdie groot valse profeet: "Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense" (Openbaring 13:13). Miljoene, indien nie miljarde mense nie, sal mislei word deur hierdie indrukwekkende wonderwerke. "En hy [die valse profeet] verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen" (Openbaring 13:14).

Hoe kan u bepaal of iemand werklik 'n dienaar van God is en nie iemand is wat beheer word deur die okkultiese wêreld nie? Deuteronomium gee aan ons 'n sleutel. "As 'n profeet of een wat as dromer optree, by jou opstaan en jou 'n teken of wonder aankondig, en die teken of wonder kom uit wat hy jou beloof het met die woorde: Laat ons agter ander gode aan loop – wat jy nie geken het nie – en hulle dien, dan moet jy nie luister na die woorde van dié profeet of na dié man wat as dromer optree nie; want die HERE julle God beproef julle om te weet of julle werklik die HERE julle God liefhet met julle hele hart en met julle hele siel. Julle moet die HERE julle God navolg en Hom vrees en sy gebooie hou en na sy stem luister en Hom dien en Hom aanhang" (Deuteronomium 13:1-4).

'n Valse leraar of profeet mag selfs akkuraat profeteer met betrekking tot 'n teken of wonder. God sê egter dat indien hy u na ander gode lei – indien hy u weglei van die God van die Bybel en die ware Jesus Christus van u Bybel – dan is hy 'n valse profeet. Neem ook kennis dat God u mag toets om te sien of u getrou sal wees aan Sy woord en Sy lewenswyse!

**Wees op u hoede!**

Satan het die hele wêreld mislei. Hy beskik oor baie maniere van misleiding, met inbegrip van hekse, towery, duiwelskunste, astrologie, spiritisme en valse godsdiens. U behoort te waak teen die gevare van die okkulte.

Die apostel Petrus gee aan ons hierdie opdrag: "Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind. Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof, omdat julle weet dat dieselfde lyding opgelê word aan julle broederskap wat in die wêreld is" (1 Petrus 5:8-9).

God belowe aan ons beskerming teen die bose. Jesus leer ons om te bid: "En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose" (Mattheüs 6:13). Paulus vermaan Christene: "Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug" (Efesiërs 6:11-12). U kan die bose een oorwin deur die woord van God – die Bybel – te ken en daarvolgens te lewe. U kan die versoekings en misleidings van die okkulte en die valse godsdiens oorwin. Soos die apostel Paulus ons aanmoedig in Filippense 4:13: "Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee". Mag God u bemagtig om die toekoms tegemoet te

gaan in geloof. Mag u **nie** lewe deur die duistere misleidings van hierdie wêreld nie, maar deur die **lig van die waarheid**, God se woord. WvM

*Vervolg vanaf bladsy 22 – 9-11 Plus 10*

die vooruitsig te stel, wat groter demokrasie na die streek sal bring. Nogtans openbaar 'n noukeuriger ontleding dat die Islamitiese winde wat oor die Midde-Ooste waai, baie sterker is as die "winde van demokrasie". Wêreldse Westerse denkers faal dikwels om te besef dat die winde van demokrasie en Islam vir 'n tyd saam kan waai, terwyl opportunistiese Islamiete demokrasie gebruik as 'n instrument om die sekulêre opposisie omver te gooi en Shariawet in te stel.

Wat vertel die Skrif aan ons aangaande die tye wat voorlê? Die profeet Daniël het lank gelede reeds die eindtydse gebeure beskryf wat ons vandag begin waarneem: "Maar in die tyd van die einde sal die koning van die Suide met hom in botsing kom, en die koning van die Noorde sal op hom afstorm met strydwaens en perderuiters en baie skepe, en hy sal daarmee in die lande inkom en instroom en dit oorvloei. Hy sal ook kom in die Pragtige Land, en baie sal struikel; maar hierdie *volke* sal uit sy hand vryraak: Edom en Moab en die beste deel van die kinders van Ammon. En hy sal sy hand uitsteek teen die lande; ook Egipteland sal nie vrykom nie. En hy sal mag hê oor die skatte van goud en silwer en oor al die kosbaarhede van Egipte, terwyl die Líbiërs en die Kusiete sy voetstappe volg. Maar gerugte uit die ooste en uit die noorde sal hom verskrik; daarom sal hy met groot woede uittrek om baie mense te verdelg en met die banvloek te tref. En hy sal sy paleistente opslaan tussen die see en die berg van die heilige Prag; maar hy sal aan sy einde kom, en daar sal vir hom geen helper wees nie" Daniël 11:40-45).

Hierdie "koning van die Suide" sal 'n sterk leier wees, waarskynlik die hoof van 'n Moslem-koalisie, wat 'n groot noordelike moondheid in Europa sal aanval of uitdaag. Europeërs is wel deeglik bewus van die bedreiging van Islam. Vir meer as 'n duisend jaar het Moslem-leërs groot gedeeltes van Europese grondgebied beset. In Westelike Europa was Spanje, die suide van Frankryk, Suidelike Italië en Sisilië beset, groot dele van Oos-Europa was ook onder die Kalifaat se beheer.

Vandag se Islamiete reken steeds dat hierdie eens-oorwonne gebiede hulle regmatig toekom. Hassan al-Banna, die stigter van Egipte se Moslem-Broederskap, het geskryf: "Andalusië [die Moslem-naam vir Spanje], Sicilië, die Balkans, Suidelike Italië, en die Romeinse see-eilande was almal Islamitiese lande wat alles terugbesorg moet word aan die tuisland van Islam ... dit is ons reg om die Islamitiese Ryk te herstel tot sy glorie" ("*Understanding the Muslim Brotherhood*", *Wall Street Journal*, 15 Februarie 2011 bl. A13).

**Veranderings gaan kom in Europa**

Sekularisme is die *status quo* in Europa. *Laïcisme* – die gebruik om godsdienstige uitdrukking te verban uit die openbare lewe – is openbare beleid in Frankryk. Nogtans dring baie leiers in die EU aan op 'n amptelike terugkeer na Europa se "Christelike" wortels as 'n grondslag vir Europese eenheid. Die EU benodig groter Europese eenheid – in die vorm van federale beheer van lidlande se fiskale beleid – vir die ekonomiese unie om te floreer en die euro om te oorleef en sterk te wees.

Een invloedryke aansporing in die rigting van eenheid in Europa is die bedreiging van herrysende Islam. Verskeie EU-nasies het reeds te kampe met voortdurende konflik tussen hulle Moslem-bevolkings (grootliks aangevuur deur immigrasie) en historiese kulturele norms. Bybelprofesie dui aan dat, aan die einde van hierdie tydperk, 'n "koning van die Suide" 'n kragtige mag sal vorm om Europa te bedreig. Die vooruitsig van konflik met 'n Moslem-

*Vervolg op bladsy 15*

# Londen Roep

# Wie sal die bewakers bewaak?

**Deur John Meakin**

Tagtigjarige Rupert Murdoch se verval in ongenade was net so vinnig as wat dit verootmoedigend was. Verlede Junie was die media-magnaat van *News International* televisie- en koerantbedryf nog op die kruin. Sy *Sun* en *News of the World*-koerante en *Sky Television* het fantastiese winste gegenereer, en minder winsgewende koerante soos *The Times* en *Sunday Times* aan die lewe gehou. Murdoch se ondernemings het 'n beherende posisie beklee in die Verenigde Koninkryk se media-mark – wat op sy beurt weer aan Murdoch ongekende mag en toegang tot leiers op alle vlakke van die samelewing, gewaarborg het.

Aan die begin van Julie het Murdoch se Britse organisasie egter teen 'n verstommende tempo begin uitrafel toe ontdek is dat die onwettige gebruik van "foon-meeluistering" endemies was by die *News of the World*. Die foongesprekke van media persoonlikhede, openbare figure en beroemde persoonlikhede is nie die enigste wat afgeluister is om "inkriminerende" getuie te verkry om hul stories toe te lig nie, maar ook so dié van vermoorde skoolmeisies en families van dienspligtiges wat vermoor is in Irak en Afganistan.

Eenvoudig ondenkbare gebeure het teen 'n vinnige tempo begin om die Murdoch konglomeraat te verswelg. Adverteerders het die *News of the World* in die steek gelaat, aandeelpryse van verskillende afdelings van die wêreldwye ryk het begin om skerp te daal. Toe kom die ondenkbare: Ná 'n bestaan van 168 jaar, het Murdoch dit gerade geag om die eens magtige, trotse en hoogs winsgewende *News of the World*, te sluit, omdat dit nie meer "geskik was vir die doel" nie.

Murdoch se hoof-uitvoerende beamptes was gedwing om te bedank. Brittanje se voorste polisieman en 'n senior assistent het bedank te midde van bewerings dat die polisie gefaal het in hul plig om waaksaam te wees en dat sommige polisiemanne onwettige betalings van die *News of the World* ontvang het. Selfs die Eerste Minister, David Cameron, was gestrand gelaat as gevolg van sy noue kontak met die Murdoch bedrywighede. Dit het gou duidelik geword dat letterlik duisende mense se private inligting moontlik onwettig nagegaan was, en die grootste deel van die nasie is ontsteld en *teensinnig* gelaat deur die blote omvang van die onwettige bedrywighede.

Wat moet ons verstaan van sodanige *kolossale skendings van vertroue* in ons samelewing? Die pers word dikwels beskryf as die *bewaker van die samelewing* – wat noodsaaklike kontrole uitoefen oor alle aspekte van openbare lewe. Joernaliste kan in die openbare belang geheime openbaar maak en ontmasker wat andersins verborge sou bly. Politici, openbare figure en beroemde persoonlikhede het geleer om navrae deur die joernaliste en enige gevolglike beriggewing, te vrees. Geen wonder dat, toe hy die ineenstorting van die Murdoch Ryk gade slaan, Engeland se Adjunk Eerste Minister, Nick Clegg, opgemerk het dat dit lyk asof die *ware pilare van die Britse instelling* – politici, polisie en die gedrukte media – voor sy eie oë verkrummel.

Waar is die skeidslyn dus tussen daardie sake wat openbaar gemaak behoort te word en dié wat privaat moet bly? Watter perke moet daar wees op die metodes wat gebruik mag word om verborge inligting te bekom? Sommige lede van die media tree op asof enige en alle inligting openbaar gemaak moet word, dat bykans enige metode wat gebruik kan word om dit te bekom, as wettig beskou word. Wat moet verander sodat die pilare van die samelewing in die algemeen, die gedrukte media in die besonder, die publiek se vertroue weer terug kan wen? Wie sal die *bewakers bewaak* teen

mislukking en buitensporigheid? Terwyl Engeland worstel met hierdie kwessies, sal 'n geregtelike ondersoek 'n stel antwoorde saamstel gedurende die komende maande.

Moontlik kan een van die belangrike leidrade tot die onderliggende antwoord gevind word in die laaste uitgawe van die *News of the World*, gepubliseer op 9 Julie 2011. Daardie laaste uitgawe was omhul in die voorblad van die heel eerste uitgawe van die koerant, gepubliseer op 1 Oktober 1843. 'n Hoofartikel in daardie eerste uitgawe verduidelik hoekom Brittanje 'n nuwe koerant nodig gehad het en wat sy "invloedryke motiewe" sou wees. Die hoofartikel het afgesluit met hierdie woorde: "Ons leuse is die waarheid. Ons metode is die vreeslose verkondiging van die waarheid".

In die uitgawe van 9 Julie spreek 'n kolomskrywer die mening uit dat "die belangrikste taak van hierdie koerant nog altyd was om diegene te vervolg wat dom genoeg is om te dink dat hulle verhewe is bo die wet, bo geregtigheid en vrygestel is van die morele kode waarvolgens die res van ons lewe". Hoe ironies dat die *News of the World* nie daar sal wees om moontlik die heel toepaslikste storie in sy geskiedenis te dek nie – die onthulling van daardie mense op *sy eie personeel* wat so 'n minagting getoon het vir "die morele kode waarvolgens die res van ons lewe".

**Bron en gids van die waarheid**

Wat nodig is om die publiek se vertroue weer terug te wen en terug te keer na ordentlike standaarde, is inderdaad die *waarheid* – 'n ware begrip van die morele kode waarvolgens ons moet leef. Ons vind hierdie kode in die Bybel, God se woord van Waarheid. Dit word die Tien Gebooie genoem. 'n Groot deel van die Bybel dien om hierdie morele kode uit te brei en gee voorbeelde van hierdie morele kode in aksie en die gevolge wat plaasvind wanneer dit geïgnoreer word.

Ons hoor dikwels mense wat sê dat dit "reg" is om *dit* te doen, of dat dit "verkeerd" is om *dat* te doen. Tog is sulke morele voorkeure dikwels hoogs persoonlik en verontagsaam gerieflikheidshalwe die duidelike riglyne van die Skrif. Wat sal dan 'n paar eienskappe wees van 'n koerant wat gelei word deur ware Bybelse moraliteit en waardes?

Heel eerste, sal dit daarna streef om verantwoordelik en positief te wees in sy dekking. Die onvermydelike slegte nuus sal gebalanseer word deur die goeie. Word die samelewing werklik geestelik opgebou deur die negatiewe, slegte en sensasie-soekende dekking wat so eie is aan die poniekoerante? "Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is – watter deug en watter lof daar ook mag wees, *bedink dit*" (Filippense 4:8).

So 'n koerant sou te alle tye onderworpe wees aan die wet van die land. Dit mag 'n veldtog voer om die wet te verander, maar daar sou nooit 'n mandaat wees om die wet te verbreek nie. "Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel, sodat hy wat hom teen die mag versit, die instelling van God weerstaan; en die wat dit weerstaan, sal *hulle oordeel ontvang*" (Romeine 13:1-2).

Dit sal altyd daarna streef om die feite te bekom en die waarheid te vertel. Wil ons werklik graag soos die losbandige samelewing word wat in die Bybel beskryf word? "Daar is niemand wat aanklaag in geregtigheid en niemand wat 'n regstryd voer in waarheid nie; hulle vertrou op nietigheid en spreek valsheid, met moeite gaan hulle swanger en baar onheil" (Jesaja 59:4).

Dit sal nie gevestig wees op wellustige, walglike verslaggewing van seksuele misdrywe nie, soos so dikwels die geval is in die poniekoerante. Daar is verskillende en meer verantwoordelike maniere om sodanige stories te rapporteer, "... en hou nie gemeenskap met die onvrugbare werke van die duisternis nie, maar bestraf dit liewer. Want wat *in die geheim deur hulle gedoen word, is skandelik selfs om te noem*" (Efesiërs 5:11-12).

Dit sal beskeidenheid uitstraal in foto's en grafika. Daar sal geen plek wees vir foto's van naakte meisies nie, selfs al sou

sodanige foto's verkope opstoot. Dink aan Paulus se vermaning: “So ook moet die vroue hulle versier met behoorlike kleding, gepaard met beskeidenheid en ingetoënheid, nie met vlegsels of goud of pêrels of kosbare klere nie” (1 Timoteus 2:9).

'n Geskokte Engeland bly vasgevang in 'n vinnig-ontwikkelende skandaal wat moontlik nog vir baie maande sal voortduur, met gevolge wat mens nou net maar oor kan gis. Dit was egter nie nodig dat dit so moes uitdraai nie. Die Bybel bied aan ons 'n *duidelike uiterlike geskrewe kode* wat die blywende stel morele waardes bepaal wat God wil hê almal moet *hul eie maak* en handhaaf tot die beswil van almal. Indien die *News of the World* – in sy soeke na die waarheid – sedert sy ontstaan in 1843, konsekwent gelei is deur hierdie kode, sou dit dalk vandag nog steeds “geskik gewees het vir die doel”. WvM

---

***Vervolg vanaf bladsy 12 – 9-11 Plus 10***

oorheersende “koning van die Suide” sal nie net Europese nasies nader aan mekaar dryf nie, dit sal ook etniese en kulturele spanning tussen Europa se groeiende Moslem-minderheid en die “Christelike” meerderheid verhoog. Dit mag die eendrag van Moslems buite Europa wees wat daarin sal slaag om kontinentale eenheid teweeg te bring, wat die Europeërs nie in staat was om self tot stand te bring nie.

**'n Kwesbare Verenigde State**

Tien jaar na die “9-11”-aanvalle bly Amerika kwesbaar. Sy grootste kwesbaarheid is egter nie sy sterk gepolisieerde lughawens nie, maar veel eerder sy *finansiële krag*. Te danke aan dekades van leningsbesteding op oorloë en maatskaplike programme, het die Amerikaanse soewereine skuld *ontplof*, en is nou byna gelyk aan die land se Bruto Binnelandse Produk. Alle geloofwaardige ontleders stem saam dat die huidige tendens *nie volhoubaar* is nie. Selfs die sekerheid van Amerikaanse skatkiswissels, note en skuldbewyse word in twyfel getrek en die ekonomiese sterkte wat lank die dryfkrag van die Amerikaanse mag was, word nou bevraagteken.

Amerika was nog altyd baie trots op sy finansiële sterkte, en in die mag wat daardie sterkte projekteer. Nou hang die land se ekonomiese oorheersing egter toenemend meer af van sy vermoë om massiewe bedrae van buitelandse krediteure te leen, 'n praktyk waarmee hul nie ekonomies of polities kan volhou nie. Terselfdertyd gaan Amerika voort om verder en verder weg te beweeg van die Bybelgebaseerde etiek wat eens 'n sterk fondasie voorsien het vir die nasie se morele sin van reg en verkeerd. As gevolg hiervan sien ons 'n wydverspreide morele agteruitgang, dieselfde tyd as wat ons die begin van 'n algemene afname in die rykdom en krag van die nasie sien.

Min waarnemers erken dat daar 'n verband bestaan tussen die nasie se mag en sy gehoorsaamheid aan God. God sê dat dit *Hy* is wat aan mense die krag gee om rykdom te verwerf. “Neem jou in ag **dat jy die HERE jou God nie vergeet deur sy gebooie en sy verordeninge en sy insettinge wat ek jou vandag beveel, nie te hou nie** ... en jou hart hom dan verhef, dat jy die HERE jou God vergeet ... en jy in jou hart dink: ***My krag en die sterkte van my hand het vir my hierdie rykdom verwerwe.*** Maar dink aan die HERE jou God, *dat dit Hy is wat jou krag gee om rykdom te verwerwe,* dat Hy sy verbond kan bevestig wat Hy aan jou vaders met 'n eed beloof het, soos dit vandag is” (Deuteronomium 8:11-18).

God sê ook van 'n ongehoorsame nasie: “*Ek sal julle trotse mag verbreek*” (Levitikus 26:19).

Wat gebeur wanneer God Sy seën onttrek van 'n land? Ineenstorting kan skielik plaasvind, of dit 'n maatskappy of 'n land is. Dink aan *Lehman Brothers*, die groot *Wall Street* firma wat 'n AAA-krediet-gradering gehad het tot net voor sy bankrotskap. Kyk ook na die skielike skok vir die Amerikaanse ekonomie in September 2008 toe die “sub-prima huisverband-

***Vervolg op bladsy 26***

# Waarom bekommerd wees oor rommel?

## Deur Rod McNair

*Sal ons ooit 'n oplossing vind vir die afvalprobleem?*

Dit was nie werklik 'n botsing nie – meer soos 'n gestamp. Ek het die lig aangeskakel en die trappe afgehaas om ondersoek in te stel. Ek het die voordeur oopgemaak, die portaallig aangeskakel en rondgekyk in die voortuin. Niks nie. Uiteindelik gaan ek terug en klim weer in die bed.

Die daglig onthul die storie. Rommel was orals op die gras voor ons huis, wat naby die hoofpad is, gestrooi. Glymerke het gewys waar die onverskillige jaagduiwel van die pad af gegly het, my buurman se posbus skrams geraak het, myne vernietig het, toe in my vol vullisdrom vasgery het en so die vullis orals verstrooi het. Hy het 'n gebreekte hooflig as aandenking agtergelaat.

Ons vullisdrom **–** dit was 'n vullisdrom voordat dit verander is in onherkenbare stukke **–** was die vorige nag tjok-en-blok vol uitgestoot in afwagting op die stadsraad se weeklikse vullisverwydering. Nou het gebreekte stukke van die drom orals gelê **– my** vullis, stinkend en slymerig! Ek het vir 'n lang tyd in ongeloof na die smerige gemors gestaar. Uiteindelik het ek maar begin om die vullis weer bymekaar te maak in sakke. Hierdie keer het hulle dit veilig gemaak tot op die vullishoop.

In ons moderne, na-geïndustrialiseerde wêreld, is rommel selde 'n kwessie, tensy dit, om dit so te stel, op ons voorstoep beland – of versprei oor ons grasperk lê en ons sintuie aanval. Nogtans genereer ons 'n enorme hoeveelheid daarvan, veral in Amerika. Ekologie-skryfster Heather Rogers merk op: “In 2003 het Amerikaners byna 500 miljard pond papier, glas, plastiek, hout, kos, metaal, klere, uitgediende elektronika en ander rommel weggegooi” (*Gone Tomorrow: The Hidden Life of Garbage*, bl. 2). Terwyl welvarende stede regoor Westelike Europa en Noord Amerika groot hoeveelhede vullis oplewer, is Amerika die voorloper. Die Universiteit van Michigan se professor van ekonomie, Richard Porter, het bevind dat die oplewering van munisipale soliede huishoudelike rommel per capita gegroei het van 2.7 pond per persoon per dag in 1960, tot 4.3 pond per persoon per dag in 1996 (*The Economics of Waste*, bl. 1). Statistiek van die Omgewingsbeskermingsagentskap bevestig dat dit rofweg is wat ons nog tans daagliks produseer.

Vullis kan gou groei van 'n geringe ergernis tot 'n ernstige gesondheidsgevaar. Omtrent 2,300 stortingsterreine is oor die Amerikaanse landskap besaai, met inbegrip van een – *Fresh Kills* Stortingsterrein in *New York City* – wat so enorm groot is dat dit selfs uit die ruimte gesien kan word (Rogers, bl.1)! Nuwer stortingsterreine het keervoerings geïnstalleer om te verhoed dat gevaarlike chemikalieë die grondwater bereik, maar selfs die beste fisiese versperrings sal uiteindelik tot niet gaan as gevolg van natuurlike verwering.

Selfs wanneer rommel verbrand word, bly dit nog 'n gevaarlike gesondheidsrisiko. “Volgens die Verenigde Nasies se Omgewingsprogram, is munisipale rommelverbranders sedert die jaar 2000, verantwoordelik vir die vorming van 69% van wêreldwye dioksien uitlatings” (Rogers, bl. 5). Dioksiene is uiters gevaarlike chemikalië wat in die lug ontsnap, of agterbly op die as wanneer papier en plastiek saam verbrand word.

Die gevolge van rommel kan verwoestend wees. In Bangladesh, byvoorbeeld, “het plastiese sakke dreineringstelsels verstop en vernietig, en sulke groot oorstromings veroorsaak dat die regering die vervaardiging van weggooibare plastiese drasakkies in 2002 verban het” (Rogers, bl. 8). Die Universiteit van Noordelike

Arizona se professor Jacqueline Vaughn wys uit dat, in sommige gevalle, 'n nie-amptelike "aas-industrie" rondom stortingsterreine ontwikkel het. Rommelrapers is blootgestel aan die gevare van beserings terwyl hulle daar aas, of aan die "rommel-mafia" wat hul gebied met geweld en intimidasie regeer (*Waste Management*, bl. 111).

Dit is verrassend dat die uitvoer van rommel ontwikkel het in groot besigheid. In 2002 is meer as $1 miljard Amerikaanse rommel na ander lande gestuur vir "prosessering". Wat gebeur daarmee? 'n Beraamde 80% e-rommel (hoogstegnologiese oorskot soos rekenaars en selfone) eindig in arm gebiede van Asië en Afrika. Guiyu in China wat beskou word as die "sentrum vir herwinning, weggooi en verbranding van e-rommel, het veroorsaak dat die plaaslike water nie meer geskik is vir menslike gebruik nie en die rivier daar bevat 200 keer meer as die aanvaarbare vlakke suur en 2,400 keer meer as die aanvaarbare loodvlak" (Vaughn, bl. 109).

Die meeste van ons in Westerse nasies mag grootliks beskerm wees teen die wêreld se rommelprobleem. Vir die meeste van ons kom 'n vulliswa een maal per week of so, om ons vullis op te laai en dit weg te neem, vir altyd uit ons lewens. Maar, is dit werklik weg? *Of is dit slegs uit ons gesigsveld, op iemand anders se voorstoep*?

**Rommel deur die geskiedenis heen**

Vullisbeheer was 'n bekommernis vir duisende jare. In die Indusvallei in Pakistan het argeoloë bewyse gevind van antieke metodes, wat terugdateer na 2500 v.C., vir die verwydering van huishoudelike rommel. "Drinkwater het by die huise ingevloei in 'n trog, vloeibare vullis het in 'n ander trog uitgevloei en vaste rommel was buite die huis op 'n vullishoop gegooi, of in houers op straathoeke, wat dan gereeld uit die stad geneem is deur munisipale werkers" (Porter, bl. 2). Ongeveer 500 v.C. het die eerste stortingsterreine hul verskyning in Griekeland gemaak en "dekrete om rommelstrooiing te verbied, is twee eeue later uitgevaardig" (*ibid*.).

Moderne herbenuttingsprogramme het 'n mate van sukses behaal en daar bestaan tegnologie om die hoeveelheid rommel in stortingsterreine te verminder, of om dit te verbrand. Een Israelse firma het 'n proses ontwikkel wat die tegnologie van plasma-omskakeling in gas deur smelting te gebruik, waardeur munisipale rommel verander word in "onaktiewe newe-produkte soos glas en skoon energie ... die vaste stof wat deur hierdie proses verkry word kan deur die boubedryf gebruik word vir teëls en blokke" (Vaughn, bl. 99).

Sedert April 2011 is in meer as 500 van die ongeveer 2,300 stortingsterreine in Amerika, metaangas versamel vir latere gebruik as brandstof. Plase oor die wêreld heen gebruik op 'n kleiner skaal anaërobiese biogas verwerkers om metaangas te onttrek uit dieremis, om dit vir kookdoeleindes beskikbaar te stel.

Wat hou die toekoms in? Sal herbenutting, die maak van kompos en selfs hoë tegnologiese oplossings 'n uitweg voorsien vir ons rommelverknorsing? Of, sal die groeiende bevolking en die wêreld se ekonomieë toenemend meer rommel tot gevolg hê, meer as wat ons kan hanteer?

**Rentmeesterskap, vanaf die begin**

Die Bybel het baie te sê oor die omgewing en hoe ons dit moet behandel; en dit het begin aan die heel begin. Toe God aan die eerste mense 'n gesonde en florerende omgewing om in te leef gegee het, het Hy aan hulle die verantwoordelikheid gegee om dit te versorg: "Toe het die HERE God die mens geneem en hom in die tuin van Eden gestel om dit te bewerk en te bewaak" (Genesis 2:15). Die menslike gesin is heerskappy oor die omgewing gegee (Genesis 1:28), maar is ook beveel om dit te onderhou, te beskerm en te bewaak vir toekomstige geslagte. Die mens is die taak van rentmeesterskap opgelê oor die aarde.

Dus, vra uself af: Hoe vorder ons as die rentmeesters van ons tuiste? Versorg ons dit soos God bedoel het? Ware Christene is nie geroepe om "radikale omgewingsbewustes" te wees in die politieke sin, soos dit dikwels vandag vertolk word nie, maar eerder as getroue rentmeesters

wat, met Christus se wederkoms, toevertrou kan word met die hele aarde (Openbaring 5:10).

Hoe opreg gee God om vir die omgewing? Let daarop dat Hy aan antieke Israel 'n baie spesifieke opdrag gegee het aangaande higiëne: Begrawe jou afval! "En jy moet by jou gereedskap 'n grafie hê; as jy dan buitekant gaan sit, moet jy daarmee grawe en wat van jou uitgegaan het, weer toemaak. Want die HERE jou God wandel midde-in jou laer om jou te red en jou vyande aan jou oor te gee; daarom moet jou laer heilig wees, sodat Hy niks skandeliks by jou mag sien en Hom van jou afwend nie" (Deuteronomium 23:13-14).

Dit was God se bedoeling om by Sy mense te woon en het 'n rommelbesaaide omgewing nie geskik vir hulle beskou nie. Net soos Sy mense geestelik en verstandelik rein moes wees, was dit ook Sy bedoeling dat hulle hul omgewing fisies skoon moes hou. God het aan die Israeliete selfs in tye van oorlog gesê om die omgewing te onthou: "As jy 'n stad baie lank beleër deur oorlog daarteen te voer om dit te verower, moet jy sy bome nie verwoes deur die byl daarteen te swaai nie; maar jy mag daarvan eet en mag dit nie afkap nie; want is die bome van die veld dan mense, dat hulle deur jou in beleëring moet kom?" (Deuteronomium 20:19). God wou nie hê dat die Israeliete 'n "verskroeide aarde" beleid moes toepas nie. Selfs ten tye van oorlogvoering, wou Hy hê dat hulle aan die toekoms moes dink en aan die bome van die veld wat voedsel en lewensonderhoud voorsien.

Waarom bekommer God Hom oor die klein, fisiese detail? Gehoorsaamheid aan Sy wette en instellings bring die seëninge van lang en siektevrye lewe. God omskryf 'n lewensweg wat volhoubare gebruik van die grond bevorder, sodat dit geniet en gebruik kan word deur opeenvolgende geslagte.

In teenstelling hiermee, in ons verbruikersmal kultuur, jaag ons soms ons begeertes na in roekelose onverskilligheid en neem nie die gevolge van ons keuses op ongebore geslagte in ag nie. Watter soort wêreld sal die volgende duisend jaar meebring? Meer vullis wat ons land besoedel, ons waters vergiftig en in ons oseane ronddryf? Of is daar 'n oplossing vir ons rommelwanorde?

**'n Duisend jaar van rommel?**

Jesus Christus gaan spoedig terugkeer na hierdie aarde, om Sy regering te vestig, wat oor alle nasies sal regeer (Openbaring 2:27). Hoe sal die wêreld wees onder die regverdige regering van Christus? Jesus Christus sal sekerlik nie 'n onbetrokke benadering teenoor vullis-bestuur in Sy Koninkryk handhaaf nie. God wil hê dat die hele wêreld weer soos die Tuin van Eden moet wees (Jesaja 51:3). Indien die mense sou wegdraai van hul ou sondige weë, belowe God dat bekeerde sondaars se sondes vergewe sal word en dat hulle land heelgemaak sal word (2 Kronieke 7:14). Hy sal die waters gesond maak sodat vis weer sal floreer (Sagaria 14:8; Esegiël 47:8-9).

Hoe kan ons weet dat God nie Sy Koninkryk besaai wil hê van verrottende vullis nie? Een paragraaf in die boek Esegiël beskryf 'n geprofeteerde gebeurtenis, waaruit ons 'n belangrike beginsel kan aflei. Gedurende die Duisendjarige Vrederyk sal die nasies van Gog en Magog 'n poging in opstand teen God lei, maar hulle sal terdeë verslaan word. Kyk nou hoe beskryf die Skrif die nadraai van daardie opstand: "En die huis van Israel sal hulle begrawe [die lyke van diegene wat gedood is in die oorlog], **om die land te reinig**, sewe maande lank. En al die mense van die land sal begrawe, en dit sal hulle roem wees, die dag as Ek My verheerlik, spreek die Here HERE. Ook sal hulle vaste manne afsonder wat die land deurgaan en die trekkers begrawe wat bo-op die grond oorgebly het, **om dit te reinig**" (Esegiël 39:12-14).

*God wil hê dat die land skoon moet wees!* Hy wil nie hê dat verrottende vullis die landskap moet skend en die mensdom se voedsel- en waterbronne moet besoedel nie. In Sy Koninkryk sal die hele wêreld inderdaad gereinig wees van verval en korrupsie wat so algemeen is in ons huidige tydperk. Soos die apostel Paulus skryf: "Want die skepping wag met reikhalsende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God" (Romeine 8:19). Hoe spoedig moet daardie dag tog nie kom nie!

**Ware rommelbestuur**

Hoe sal rommelbeheer dan in God se Koninkryk gedoen word? Dit is interessant dat Esegiël 39 aan ons perspektief bied. Bewaring sal 'n bysaak word. Let daarop, dat die nasie van Israel vir sewe jaar ná die mislukte opstand wat in Esegiël 39 beskryf word, nie nodig sal hê om 'n boom uit die bos af te kap nie – hulle sal materiaal wat op die gevegsfront agtergelaat is, as brandstof gebruik (Esegiël 39:9-10). God mors niks nie en hy sal mense leer om dieselfde te doen.

Baie mense is vertroud met Jesaja se profetiese beskrywing, waarin mense "... van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse" (Jesaja 2:4). Dit is sekerlik 'n uitbeelding van vrede – die einde van oorlog. Het u al ooit gewonder wat die **res** van hierdie profesie aan ons leer? Onder Christus se leiding sal mense materiaal gebruik – en weer gebruik – eerder as om dit eenvoudig weg te gooi wanneer dit breek of nie meer benodig word nie. Wapens van metaal sal omskep word in plaas-gereedskap!

Dit is interessant om te lees dat Jesaja in dieselfde profesie antieke Israel veroordeel oor hulle kwistige, verbruikers-aangedrewe mentaliteit: "En hulle land is vol silwer en goud, en daar is geen end aan hulle skatte nie; en hulle land is vol perde, en daar is geen end aan hulle strydwaens nie" (Jesaja 2:7). Is ons nasies deesdae enigsins anders? Ons "strydwaens" is motors en ons "skatte" is huishoudelike dinge wat ons koop en weer weggooi teen 'n vinniger tempo, omdat ons verlei word deur 'n advertensie-bedryf wat daarop toegespits is om ons immer-groeiende sin van "benodig", gebruik en weggooi, oor en oor, aan te wakker.

Is u vasgevang in die verbruikers-mallemeule? Of is u besig om te leer om 'n goeie rentmeester te wees oor die seëninge wat God aan u gegee het, terwyl u voorberei vir die Koninkryk van God? Jesus Christus waarsku: "Pas op en wees op julle hoede vir die hebsug, want iemand se lewe bestaan nie uit die oorvloed van sy besittings nie" (Lukas 12:15). Wyse Koning Salomo het bevind dat verbruik nie bevredig nie: "Al die dinge is so vermoeiend, geen mens kan dit uitspreek nie; die oog kry nie genoeg van sien nie, en die oor word nie vol van hoor nie" (Prediker 1:8).

Ten spyte van hierdie kennis wat ons al so lankal het, is ons moderne kapitalistiese samelewing grootliks gebou rondom "beplande onbruik deur veroudering" – 'n doelbewuste plan om verbruikers te laat aanhou nuwe dinge koop! 'n Paar jaar gelede het 'n vriend van my sy ondervinding met my gedeel, toe hy vir 'n horlosie-vervaardiger gewerk het. Die firma het elke horlosie ontwerp om uitgedien te raak na 'n vooraf beplande tydperk, kort nadat die waarborg se tydperk verstryk het! Op die koop toe was dit goedkoper om 'n nuwe horlosie te koop as om die oue te herstel.

Wat is verkeerd met hierdie stelsel? Dit teer op meer en meer verbruik en genereer toenemend meer rommel! "Verbruik is die spil waarom die Amerikaanse lewe en gesonde ekonomie draai; en eie aan verbruik is rommel ... Die wêreld van rommel het nie altyd bestaan soos dit vandag is nie. In die negentiende eeu was rommel gesorteer, munisipale rommel was in kompos verander en alle soorte materiaal wat die huis as rommel verlaat het, was om vang ryk herbenut. Met industrialisasie en twee groot wêreldoorloë, is die vervaardigingstelsel egter dramaties verander, net soos rommel" (Rogers, bl. 9).

Dink net aan die verandering wat dit sal teweegbring sou huishoudelike goed gemaak word om 20, 30 of selfs 50 jaar te hou! Dink net hoe dit verbruikers se gesindheid teenoor spandering sal verander. Wat daarvan as dit altyd goedkoper sal wees om gebreekte items te laat regmaak eerder as om dit weg te gooi? Net daardie verandering sal die volume rommel dramaties verminder in ons hantering van munisipale rommel. Kyk na hierdie November 2009 data van die Amerikaanse omgewings-beskermings-agentskap: **In 2008 was 31% van munisipale vaste rommel gegenereer in Amerika afkomstig van verpakkingsmateriaal en houers –** dit beloop 76,760,000 ton, net omdat konstant nuwe goed gekoop is! (*Municipal Solid Waste Generation, Recycling, and Disposal in the United States: Detailed Tables and Figures for 2008*).

Die Amerikaanse om-

***Vervolg op bladsy 27***

# 9-11 Plus 10

## Deur Dexter B. Wakefield

Op 11 September 2001 het 'n stomgeslane wêreld toegekyk hoe tragedie die twee torings van die Wêreld Handelssentrum [WHS], die reuse simbool van die Anglo-Amerikaanse oorheersing van die wêreld se geldsake, in New York City, tref. Miljoene mense het na die lewendige televisie-uitsendings gekyk toe 'n gekaapte handelsvliegtuig die WHS tref. Minute voor dit, het 'n ander vliegtuig in die eerste toring vasgevlieg. Kort daarna het 'n derde gekaapte straler die Pentagon, die simbool van die Verenigde State se militêre mag, in Washington DC, getref. 'n Vierde gekaapte straler kon nie sy doel bereik nie en het neergestort in die veld in Pennsilvanië. In die aanvalle is gesamentlik byna 3,000 mense gedood en miljoene toeskouers regoor die wêreld was geskok en met afgryse vervul.

Die afkeur was egter nie universeel nie. In sommige stede oor die hele wêreld was mense verheug en het selfs in die strate gedans. Die Amerikaanse President, George W. Bush, het dadelik oorlog verklaar teen al Qaeda, die skaduagtige organisasie van radikale Islamiete wat verantwoordelikheid aanvaar het vir die aanval. Die eerste Amerikaanse troepe na Afganistan is in Oktober 2001 ontplooi en in Maart 2003 na Irak, maar dit sou byna 'n volle dekade duur voordat Bush se opvolger, President Barack H. Obama, op 2 Mei 2011 bekend gemaak het dat die Amerikaanse *Navy Seals* al Qaeda se hoof, Osama bin Laden, gedood het in 'n vuurgeveg naby Karachi, Pakistan.

11 September 2011 dui 'n volle dekade aan sedert die "9-11"-aanval. Hoe het Amerika verander sedert daardie waterskeiding gebeurtenis? Hoe het die Moslem-wêreld verander? Wanneer ons na hierdie gebeure kyk deur die oë van die Skrif, *wat kan ons verwag in die toekoms*?

### Die eerste aanval

Die WHS was 'n *djihad*-teiken lank voor die "9-11"-aanval. Op 26 Februarie 1993, het 'n radikale groep wat bande het met al Qaeda, 'n goed saamgestelde tuisgemaakte bom in die parkade van die WHS laat ontplof. Die gehuurde paneelwa met die bom – ongeveer 1,500 pond van ureum-nitraat plofstof – was langs 'n strukturele element in die parkade geparkeer. Die plan was om die een toring teen die ander een te laat ineenstort, wat dus albei sou vernietig. Hoe naby het die terroriste aan sukses gekom? Die WHS se argitekte het later getuig dat as die paneelwa nader geparkeer was aan die gebou se gegote betonfondasie, die toring ineen sou stort ("*An Icon Destroyed*", *Newsweek*, 11 September 2001).

Sewe mense, met inbegrip van 'n ongebore baba, het in die Februarie 1993-aanval gesterf, 'n verdere duisend was beseer, die meeste as gevolg van die daaropvolgende ontruiming van die gebou. Slagoffers het die *New York en New Jersey Port Authority*, eienaar van die geboue, gedagvaar. Die hof het bevind dat die *Port Authority* 68% verantwoordelik was en die terroriste slegs 32%. Die land het teruggekeer na besigheid soos gewoonlik. Die *djihadiste* het teruggegaan na die beplanning van hul volgende aanval.

### Oorlog teen terreur

Nege dae na die "9-11"-aanval, het President Bush 'n gesamentlike sessie van die Amerikaanse Kongres toegespreek, en wat hy genoem het, "Oorlog teen Terreur", verklaar. Benewens die troepe wat na die buiteland gestuur is, het hierdie oorlog gelei tot 'n reeks nuwe veiligheidsmaatreëls, ongekend in die Amerikaanse geskiedenis. In Oktober 2001 het die Kongres streng nuwe wetgewing, genaamd die "*Patriot Act*", goedgekeur, wat aan die regering meer magte as ooit tevore verleen het om beheer uit te oefen oor wetsgehoorsame burgers van Amerika, sowel as verdagte misdadigers. 'n Federale departement van *Homeland Security* is in November 2002 ingestel.

Sommige van die mees sigbare veranderings was by lughawens, waar passasiers onderwerp is aan streng regulasies aangaande die vervoer van vloeistowwe en skerp voorwerpe. Skoene, baadjies en rekenaars word noukeurig geïnspekteer, mense wat nie toestem tot “volle liggaamskandering” nie, is nou onderworpe aan “deursoeking”, wat deur baie mense beskou word as 'n skending van privaatheid en waardigheid. Bo en behalwe by lughawens, het veiligheid by ander openbare plekke ook toegeneem, met 'n swetterjoel van metaal-opsporingstoestelle by ingange van geboue.

Binnelandse terrorisme het 'n groot bron van kommer geword, namate Amerikaanse amptenare Islamiete wat plaaslik gebore is teëkom, wat via die Internet beïnvloed word deur radikale Moslem geestelikes. Een so 'n geval was die 5 November 2009 skietvoorval by Fort Hood, Texas, waar Majoor Nidal Hasan – 'n Amerikaanse weermagpsigiater wie sy ontsteltenis uitgespreek het aangaande sy naderende ontplooiing in Afganistan – in hegtenis geneem en aangekla is daarvan dat hy 13 mense doodgeskiet en 29 ander gewond het. Ooggetuies het getuig dat Hasan 'n gebou op die weermagbasis binnegegaan en uitgeroep het: “Allahu Akba!” (“God is groot”), terwyl hy op dosyne mense geskiet het voordat die polisie hom kon bedwing. Volgens getuies was Hasan 'n toegewyde student van Anwar al-Awlaki, 'n radikale Moslemse geestelike, wat dubbele burgerskap van die VSA en Jemen gehad het.

Baie besprekings is al gevoer tussen diegene wat ten gunste is daarvan dat aan die Amerikaanse regering meer magte van waarneming en vervolging van terrorisme verleen word en diegene wat sodanige vermeerdering van magte as verraad teen die nasie se ideale van vryheid beskou en dit verwerp. Sommige mense beweer dat net deur Amerika aan te spoor om toe te slaan op sy burgers se vryheid, die terroriste “gewen” het in hul stryd teen Westerse waardes, sonder om nog 'n skoot te skiet of 'n ander bom te laat ontplof. Ander mense wys weer daarop dat, terwyl die VSA “polities-korrekte” sekuriteitsprosedures geïmplementeer het wat lyk asof dit 'n 25-jarige enkellopende man uit Egipte ewe noukeurig ondersoek as 'n 95-jarige oumagrootjie uit Kanada, het ander nasies openbare “profielsamestellings” van vermeende terroriste geïmplementeer, wat gebaseer is op etniese, nasionale en demografiese karaktertrekke. Kritici sê dat terwyl die Amerikaanse veiligheidsapparaat slegs bomme kan uitsnuffel, kan die Israeli's (byvoorbeeld) ook terroriste uitsnuffel.

Ten spyte van die voortdurende debat oor veiligheid “op die tuisfront”, kan die Amerikaners na wat lyk na relatiewe sukses in anti-terroristiese pogings verwys. Sedert die “9-11”-aanvalle, het die grootste deel van suksesvolle terroriste-aktiwiteite buite Noord-Amerika voorgekom, terwyl duisende gesterf het in *djihadiese* aanvalle in Moslemlande. Nogtans word hulle teenwoordigheid in die Weste gevoel. Radikale Moslems word geblameer vir die 11 Maart 2004 treinbomme in Madrid, Spanje, wat 191 mense gedood en ongeveer 1,800 gewond het. Selfmoord bomdraers in Londen het 52 mense gedood en ongeveer 700 gewond op 7 Julie 2005 toe hulle gekoördineerde aanvalle uitgevoer het op vier teikens van openbare vervoer.

In Amerika het die goed gepubliseerde mislukkings soos die “*Shoe Bomber*” en die “*Underwear Bomber*” baie mense laat wonder of daar baie ander aanvalle gekeer is voordat dit kon plaasvind, of dat die nuwe generasie terroriste bloot onbekwaam is. Behalwe vir die toevallige skrikbewind deur “*Beltway Snipers*” [skerpskutters], of ander kleiner insidente, lyk dit asof anti-terreur pogings merkbare sukses in die bekamping van die grootste bedreigings in die VSA en Europa bereik. Oor die algemeen was die *djihadiste* baie meer suksesvol in hul aanvalle op Westers-geallieerde Moslem-nasies as teen Westerse nasies self.

**'n “Arabiese lente”?**

Outokratiese regerings was

tradisioneel die norm in die Midde-Ooste. Die stamme se maatskaplike struktuur van die Arabiese gemeenskap ontleen hulself goed aan sodanige bestuur. Dit het nogtans nie verhoed dat broeiende onrus opbou namate burgers in opstand kom teen die korrupsie, onderdrukking, armoede en ongelyke verspreiding van rykdom wat hulle in hul nasies sien nie.

Die Tunisiërs het hul regering in Desember 2010 omvergewerp en die "Tunisiese wind" het sedertdien deur Egipte, Jemen, Bahrein, Sirië en Libië gewaai. Westerse regerings neem kennis sodra betogers aanspraak maak op demokrasie in hulle nasies; sommiges noem die onrus 'n "Arabiese Lente", wat hulle hoop, sal lei tot die vorming van Westerse styl liberale demokrasieë regoor die Midde-Ooste.

Die Amerikaanse President Barack Obama is kenmerkend van hierdie hoopvolle verwagting. In 'n persverklaring op 19 Mei, het hy gesê: "Ons staan voor 'n historiese geleentheid ... Daar moet geen twyfel bestaan dat die Verenigde State van Amerika verandering verwelkom wat selfbeskikking en geleentheid sal bevorder nie ... Na dekades van aanvaarding van die wêreld soos dit in daardie streek is, het ons 'n geleentheid om die wêreld na te streef soos dit behoort te wees ... Dus, in die komende maande moet Amerika al ons invloed gebruik om hervorming in die streek aan te moedig ... Laat ek spesifiek wees. Eerstens, sal dit die beleid van die Verenigde State wees om hervorming in die hele streek te bevorder en om oorgang na demokrasie te ondersteun".

Is die President egter realisties in sy siening? Baie mense regdeur die Midde-Ooste het 'n heel ander siening. In die verlede, toe Moslems die geleentheid gehad het om te stem, het hulle dikwels vir Islamitiese, anti-Israelse kandidate gestem. Toe Israel aan die Palestyne beheer oor die Gaza-strook gegee het, het almal verwag dat hulle vir die Palestynse Owerheid sou stem en sou probeer om vrede met Israel na te streef. In werklikheid het hulle Hamas ondersteun – 'n Islamitiese politieke party wat deur Westerse demokrasieë as 'n terroriste-organisasie beskou word.

Meningspeilings toon dat beduidende meerderhede in baie Arabiese lande ten gunste is van die vestiging van Shariawet, ontleen aan die Koran en eeue van Moslemse regsgeleerdheid. Verskeie nasies, soos Afganistan, Iran, Libië, Saoedi-Arabië, Soedan en Jemen beoefen reeds Shariawet in die een of ander vorm. Ander, soos Egipte, Marokko, Jordanië, Pakistan, Sirië, Katar en die Verenigde Arabiese Emirate, meng Sharia met ander stelsels. Tot groot verbasing van baie Westerse ontleders, het die Universiteit van Maryland se navorsers menings ingewin in Arabiese nasies en bevind dat 'n aansienlike meerderheid in Pakistan, Egipte en Marokko ten gunste is van ***die vestiging van die Kalifaat*** – wat outokratiese Islamitiese heerskappy sou beteken!

Ver verwyderd daarvan om te stem vir die instelling van liberale Westerse styl demokrasieë, sal Midde-Oosterse lande – sou hulle die kans kry om te stem – veel eerder Islamitiese regerings kies soos dié in Gasa of Iran. Eerder as om 'n liberale demokrasie te vestig, kan die huidige demokratiese bewegings in Midde-Oosterse Islam veel eerder 'n charismatiese leier oplewer om 'n Kalifaat te vestig en outokraties te regeer.

Wat Westerse politici hoop die "Arabiese Lente" sal wees, mag uitloop op die "Islamitiese Winter".

**Wat is volgende?**

Namate die Westerse nasies moeg word vir die uitgerekte oorloë in Afganistan en Irak en gereedmaak om hul troepe te onttrek, ontstaan 'n "**magsvakuum**". Strydende Moslem-magte wedywer met mekaar om daardie leemte te vul. Iran, met die meerderheid van nie-Arabiese Sjiïtiese Moslems, besef die geleentheid om baie meer invloed in die streek uit te oefen, iets wat baie Arabiese Sunni Moslems ontstel.

Onlangse opstande teen outokratiese Moslem-leiers in Noord-Afrika het sommige hoopvolle Westerse ontleders gelei om 'n "Arabiese lente" in

***Vervolg op bladsy 12***

# Vrae & Antwoorde

**VRAAG:** Gee God in Handelinge 10:9-16 aan Christene toestemming om vleis te eet wat voorheen as "onrein" beskou was (soos bepaal in Deuteronomium 14:3-21 en Levitikus 11:1-47)?

**ANTWOORD:** Wat was die doel van die visioen wat God aan die apostel Petrus gegee het? Het God aan hom gewys dat Hy die vleis wat Hy voorheen as "onrein" verklaar het, nou "rein" maak? Of was daar 'n ander doel met hierdie visioen?

Een belangrike sleutel om die Skrif te verstaan, is om die betrokke gedeeltes in konteks te ondersoek, wat die historiese omstandighede sowel as die verhaal self mag insluit. Die historiese omstandighede van Handelinge 10 is die Nuwe-Testamentiese Kerk in die heel vroegste jare van sy bestaan. Die Apostels het begin om die groot opdrag wat Jesus aan hulle gegee het, uit te voer, naamlik om dissipels van alle nasies te maak en om die evangelie aan elke mens te verkondig (Mattheüs 28:18-20). Ten tye van Petrus se visioen moes hierdie opdrag uitgebrei word na die Heidene [nie-Jode], soos dit nooit voorheen gedoen was nie.

Sedert die tyd van die Eksodus, baie eeue vroeër, wou nougesette godsdienstige Jode niks te doen hê met Heidene nie. Anders as die Jode, was die Heidene nie besny nie. Heidene het nie die gebooie en insettinge van die God van Israel onderhou nie en hulle het nie Israel se God aanbid nie. Heidene was as "onrein" beskou en Jode wou nie met hulle assosieer nie.

Oorweeg nou die konteks van Petrus se visioen. In Handelinge 8 het God die evangelis Filippus gelei om 'n Etiopiese hofdienaar – 'n Heiden – te doop. Daarna volg 'n beskrywing van Saulus se bekering. Saulus, wat die Kerk vervolg het, sou Paulus word, die Apostel vir die Heidene.

Hierna, in Handelinge 10, word aan 'n Heiden, genaamd Cornelius, 'n visioen gegee wat hom inspireer om met Simon Petrus in verbinding te tree (Handelinge 10:1-8). Kort daarna ontvang Petrus ook 'n visioen. Petrus sien 'n groot laken vol van rein en onrein diere wat uit die hemel neergelaat word. Hy word beveel om hulle te slag en te eet. Dit het drie keer gebeur. Petrus het beswaar gemaak en gesê dat hy nog nooit enigiets onreins geëet het nie (verse 11-14). Hy het nie die visioen verstaan as sou dit beteken dat hy nou onrein vleis mag eet nie. Hy het eerder gewonder oor die betekenis van die visioen (verse 17-19).

Die betekenis van die visioen was duidelik gemaak deur wat daarna gebeur het. Petrus het die manne wat deur Cornelius gestuur is, as gaste ontvang en hulle oornag gehuisves (vers 23). Die volgende dag het Petrus en 'n paar van die broeders van Joppe saam met daardie manne na Caesarea gereis om Cornelius, tesame met sy vriende en familie, te gaan besoek. Nadat hy hierdie Heidene ontmoet het, het Petrus verbaas gesê: "Ek sien waarlik dat God geen aannemer van die persoon is nie, maar dat in elke nasie die een wat Hom vrees en geregtigheid doen, Hom welgevallig is" (verse 34-35).

Gedurende hierdie besoek het Cornelius en sy huisgenote die Heilige Gees ontvang (vers 44). Petrus, wat hom voorheen gedistansiëeer het van Heidene, moes nou erken dat God inderdaad met Heidene werk en hy het besef dat hy 'n verantwoordelikheid het om hierdie Heidene te doop.

Nuus van hierdie mylpaal het gou na die ander Apostels en die broeders in Judea versprei. Dit was "groot nuus" dat die Heidene ook die Woord van God ontvang het (Handelinge 11:1). Daar was nogtans vir 'n tyd tog 'n mate van teenstrydigheid. Ten tye van Petrus se besoek aan Jerusalem, het sommige mense hul beswaar uitgespreek dat hy nie slegs met onbesnede Heidene gemeng het nie, maar selfs ook saam met hulle geëet het – mense wie onder Joodse wet as "onrein" beskou was. Aan hierdie kritici het Petrus toe die visioen wat hy ontvang het verduidelik, asook die gebeure wat daarop gevolg het om die betekenis van die laken vol onrein diere te verklaar.

Petrus het afgesluit: "As God dan aan hulle [die Heidene] dieselfde gawe gegee het soos aan ons [Israel] wat in die Here Jesus Christus geglo het, wie was ek dan, dat ek God kon verhinder? En toe hulle dit hoor, het hulle geswyg en God verheerlik en gesê: So het God dan ook aan die heidene die bekering tot die lewe geskenk" (Handelinge 11:17-18). WvM

# Profesie neem

## Die nuwe "normaal"?

Vir honderde en selfs duisende jare het byna al die Westerse waardestelsels verstaan homoseksuele gedrag is teen die natuurlike orde en die wil van God. In die afgelope dekades egter het die beweging om die beoefening van homoseksualiteit te verdra, dit daarna te aanvaar en dit dan te "normaliseer", 'n groot dryfkrag geword in Westerse politieke en kulturele lewe.

Waarom en hoe het dit gebeur? Het die menslike natuur verander, en ons waardes gevorder tot 'n meer "volwasse" en "hoër" vlak van insig? Of mag daar 'n meer sinister en onheilspellende aspek verbonde wees aan hierdie ontluikende aspek wat gesinne, kerke en nasies verdeel? Min mense besef vandag dat in hierdie aanslag om homoseksualiteit gewettig te kry, antieke Bybelse profesieë *gestalte begin aanneem*!

### Die homoseksuele agenda

Deur homoseksualiteit en dieselfde-geslag huwelike in die Westerse nasies toenemend na die voorgrond te bring, het nie maar sommer net "gebeur" omdat die "tyd daarvoor reg is" nie. Inteendeel, 'n deeglike ontleding wys dat 'n klein minderheid aktiviste die saak gedryf het. Betroubare studies bevestig dat nie meer as 2 persent van die bevolking hulle op enige manier identifiseer as homoseksueel nie. Hulle invloed is egter uitgebrei deur 'n meedoënlose veldtog om die denke van "meningvormers" in die Westerse samelewing te verander.

Ongeveer 20 jaar gelede het Marshall Kirk en Hunter Madsen – twee homoseksuele aktiviste wat by Harvard Universiteit opgelei is – 'n plan ontwikkel om die invloed van maatskaplike bemarking en openbare oortuigingsmetodes te gebruik om fundamentele Westerse sienswyses en waardes uit te daag en dit te verander. Die strategie wat hulle uiteengesit het – in 'n artikel getiteld "*The Overhauling of Straight America*", en in 'n boek, *After the Ball; How America Will Conquer Its Fear and Hatred of Gays in the 90s* – staan nou algemeen bekend as "die homoseksuele agenda". Die kern van daardie agenda is om homoseksuele persone uit te beeld as slagoffers, om diegene wat homoseksualiteit teenstaan uit te beeld as skurke, om homoseksuele gedrag te herdefineer as "normaal" en selfs "wenslik" – om politieke en finansiële steun te werf om wette te verander wat homoseksuele gedrag aan bande lê.

Kirk en Madsen beskryf hulle agenda as volg: "Die veldtog wat ons in hierdie boek omskryf, hoewel ingewikkeld, berus hoofsaaklik op 'n program van *onbeskaamde propaganda*, stewig gegrond op gevestigde beginsels van sielkunde en reklame" (*After the Ball*, bl. xxviii). Gedurende die tyd toe openbare gesondheidsamptenare begin bekommerd raak het oor die toenemende verspreiding van VIGS, het Kirk en Madsen VIGS gesien as 'n ongelooflike geleentheid vir publieke voorligting. "Hoe kan ons die simpatie maksimaliseer en die vrees minimaliseer? Hoe kan ons, in aggenome die swak kaarte wat VIGS aan ons uitgedeel het, dit die beste speel?" (*ibid*., bl. xxvii).

Wat ons in Amerika en ander Westerse nasies sien, is die gevolg van 'n doelgerigte poging om die perspektief en waardes van "Christene" in naam te verander – deur die krag van reklame en oorredingstegnieke. Soos Kirk en Madsen skryf: "Ons bedoel omkering van die gemiddelde Amerikaner se emosies, denke en wil, deur 'n *beplande sielkundige aanval*, in die vorm van propaganda wat ons deur die media aan die nasie opdis" (*ibid*. bl. 153). Hierdie strategie het toegelaat dat hierdie radikale idees gedurende die afgelope dekades, aanvaarding verkry het in skole, universiteite, kerke, howe en politieke partye.

### Feite geïgnoreer

Dus, is homoseksuele gedrag *werklik* net 'n normale en skadelose alternatiewe leefstyl? Is homoseksuele persone net 'n vervolgde minderheid wie se verdiende regte ontsê word? Is hulle "so gebore" – maak dit saak? Tragies genoeg, te midde van die aanslag van openbare skakelwerk, word feite *doelbewus geïgnoreer* in die stryd om homoseksualiteit gewettig te kry. Daar is geen beslissende wetenskaplike bewys dat homoseksualiteit 'n aangebore eienskap is nie – ten spyte van 20 jaar se navorsing, is daar nog geen "gay gene" ontdek nie. Algemeen erkende faktore wat bydra tot homoseksuele identifikasie sluit in (maar is nie beperk nie tot) ondervindings gedurende die kinderjare in gebroke huise, veral met terughoudende of onbekwame vaders en dominerende moeders. Verder is homoseksualiteit 'n hoë-risiko lewensstyl wat gekies word – wat nie oorerflik is nie. Homoseksuele persone beoefen 'n uiters hoë mate van vrye geslagtelike omgang

# gestalte aan

(sommige het *honderde* seksuele maats in 'n leeftyd), ervaar 'n hoër voorkoms van seksueel-oordraagbare siektes (veral VIGS en hepatitis) en staar 'n laer lewensverwagting in die gesig. Hulle toon meer tekens van geestelike ongesteldheid en die misbruik van dwelms. Daar is ook gevind dat amper dubbeld die gevalle gesinsgeweld onder hulle plaasvind as onder getroude heteroseksuele paartjies.

Studies het ook bevind dat mans wat in dieselfde-geslag verhoudings betrokke is, baie meer kere "ontrou" is en meer gereeld opbreek as heteroseksuele huwelike. Kinders wat in homoseksuele "gesinne" grootgemaak word, ondervind meer geslagsverwarring, is meer seksueel aktief en meer geneig om in homoseksuele gedrag betrokke te raak, as kinders wat in stabiele, Godvresende gesinne opgevoed word ("*Homosexuality: Some Neglected Concerns", Journal of American Physicians & Surgeons*, Herfs 2005, bll. 80-82). Vandag egter, vanweë die misleidende poging om homoseksuele gedrag gewettig te kry, word hierdie ontstellende feite doelbewus geïgnoreer deur die voorstaanders van "genormaliseerde" homoseksualiteit. Pogings om hierdie ontstellende feite aan te bied, word tipies met bespotting begroet en diegene wat dit doen word uitgekryt as "homofobies" en godsdienstige fanatici.

**Antieke profesieë neem gestalte aan**

Die Bybel leer ons duidelik dat homoseksuele gedrag *nie* vir God aanvaarbaar is nie – dit word geklassifiseer as afskuwelik, "'n gruwel" en sondige gedrag (sien Levitikus 18:22; 1 Timotheus 1:9-10). Die apostel Paulus waarsku die Korinthiërs – wat losse sedes gehad het: "*Moenie dwaal nie*! Geen hoereerders of afgode-dienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie" (1 Korinthiërs 6:10). Die Skrif kon dit nie duideliker stel nie! Dus, waarom doen leiers in sogenaamde "Christelike" nasies voorspraak vir gedrag wat eens op 'n tyd as bose perversie gesien is, asof dit normaal is?

Die eenvoudige antwoord is dat miljoene mense mislei is! Ons hedendaagse wêreldse samelewing het die feit uit die oog verloor dat daar sataniese magte besig is in die wêreld. Die Bybel openbaar dat Satan "'n leuenaar is en die vader daarvan", en dat hy 'n *misleier* is wat "die hele wêreld verlei [mislei]" (Johannes 8:44; Openbaring 12:9). Satan het *leuens* gebruik om Adam en Eva te mislei (Genesis 3:1-13) net soos radikale aktiviste vandag leuens gebruik om homoseksualiteit te bevorder as 'n normale, gesonde alternatiewe lewensstyl. Die apostel Petrus waarsku Christene om *op hulle hoede te wees* vir vals leraars wat "*verdigte [bedrieglike] woorde*" gebruik om mense weg te lei van ware Bybelse waardes (2 Petrus 2:3). Paulus skryf dat wanneer mense hul distansieer van God af en Sy goddelike aanwysings verwerp, hulle *maklik mislei word* en hul dan wend na praktyke wat lei tot hulle ondergang (sien Romeine 1:18-32). Dit het gebeur met die Grieke en Romeine toe hulle Ryke tot niet gegaan het en dit gebeur ook in die sogenaamde "Christelike" nasies van die Westerse wêreld vandag! Een ingeligte geleerde het opgemerk: "Wie ookal 'n nasie *tot 'n val wil bring*, moet net hierdie euwel [homoseksualiteit] inbring; want dit is uiters moeilik om dit uit te roei waar dit eers posgevat het" (*The Homosexual Agenda*, Sears and Osten, bl. 16).

Moses het lank gelede hierdie tragiese stand van sake voorsien toe hy die antieke Israeliete gewaarsku het: "Want ek weet dat julle ná my dood gewis *verderflik sal handel* ... *sodat die onheil julle aan die einde van die dae sal teëkom*, omdat julle sal *doen wat verkeerd is* in die oë van die HERE om Hom deur die werk van julle hande te terg" (Deuteronomium 31:29). Die profeet Jesaja waarsku, "o My volk, jou leiers is verleiers, en die weg wat jou pad moes wees, het hulle tot 'n dwaalweg gemaak. Wee hulle wat sleg goed noem en goed sleg" (Jesaja 3:12; 5:20) – net soos ons vandag sien! Die profeet Hosea voorsien 'n tyd wanneer die afvallige afstammelinge van die Israeliete God se wette sal beskou as "iets vreemds" (Hosea 8:12) en Petrus het geprofeteer, "dat daar aan die einde van die dae spotters sal kom" wat God se woord belaglik sal maak (2 Petrus 3:3-4). Terwyl ons vandag hierdie antieke profesieë sien gestalte aanneem, moet ons nie mislei word nie, sodat daar nie ernstige nagevolge sal wees vir gesinne, nasies asook individuele verwoeste lewens nie!

***—Douglas S. Winnail***

*Vervolg vanaf bladsy 7 – Wat lê binnekort vir u voor?*

verkondig, weet ons dat ons eie vriende en familie ons moontlik sal begin haat, omdat ons 'n boodskap verkondig wat **nie gewild is nie**. **Nogtans, omrede** ons "die vrees van God" het, en omdat ons waarlik weet dat Sy bedoeling met ons is om 'n boodskap te verkondig wat die meeste mense in ons "verblinde" samelewing teen die einde van hierdie verwarde tydperk, **nie wil aanvaar nie,** is ons gewillig om dit te doen – omdat ons weet dat God ons **beveel** het om dit te doen!

Dus – vir *u beswil* – skryf asseblief vir hierdie **gratis** boekies en ander leesstof wat hierbo genoem is en **bewys** aan uself dat wat ons sê, die waarheid is! Vra God dan vir die geloof en moed om te **handel** volgens die Waarheid. Laat ek u verseker dat gedurende die volgende drie tot ses jaar van *u lewe*, die twaalf mylpale wat ek vroeër genoem het, baie meer intens sal toeneem as wat die meeste mense selfs sal begin besef. Hierdie wêreld-veranderende gebeure sal 'n *massiewe uitwerking* hê op die sogenaamde "Amerikaanse lewenswyse". Hulle sal 'n *massiewe* uitwerking hê op ons lesers wat in Kanada, Brittanje, Australië, Nieu Zeeland en elders woon, deur die hele Engelssprekende wêreld. **U** behoort God dus te vra vir die *begrip* en die **moed** om werklik aan uself die Waarheid te bewys wat nou vryelik beskikbaar is vanaf u Skepper. Hierdie profetiese gebeurtenisse wat binnekort voorlê, sal duisende mense letterlik tot hul sinne "skud" – ek bid hoopvol dat u onder daardie mense sal wees wat deur God geroep word voordat hierdie eindtydse gebeure vernietiging oor ons volke bring.

Mag God aan **u** die begrip en nederigheid skenk om te reageer op wat ek geskryf het – om uself te **onderwerp** aan die God van die Bybel. Ons in hierdie Werk van die lewende Christus is inderdaad God se "wagte" om u **te waarsku –** voor die tyd – aangaande wat *binnekort voorlê*. Hierdie toekomstige dinge wat ek beskryf het, is *werklik* en sal u lewe vir altyd **verander**. Mag God U help om te reageer op Sy Waarheid voor dit te laat is! WvM

# Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

*Vervolg vanaf bladsy 15 – 9-11 Plus 10*

krisis" 'n kritieke punt bereik het. Nou is dit die hemelhoë Amerikaanse skuldlas wat dreig om te tuimel. Met die verlies van sy onbevlekte AAA-status, hoeveel laer sal die Amerikaanse kredietgradering val?

Wanneer 'n stok gebuig word, buig dit eers. Daarna, as die druk vermeerder word, sal dit *skielik* breek. Die ekonomieë van Amerika en Engeland is steeds staande – soos die WHS torings kort ná die vliegtuie dit getref het – maar hulle word verswak namate hulle gebuig word. Ernstige probleme lê voor. Indien Amerika en Engeland voortgaan om hulle kredietposisie te verswak, kan hulle ekonomieë ineenstort net soos die WHS torings, en ongekende skade sal onmiddellik daaropvolg.

Die gebeure van "9-11" het 'n reeks gebeure aan die gang gesit wat vervulling van eindtydse profetiese gebeure sal bespoedig, en die verhoog sal voorberei vir 'n finale tyd van die groot verdrukking, voor die wederkoms van Jesus Christus. Baie mense sal onverhoeds betrap word, maar u as 'n *Wêreld van Môre*-leser het vooraf 'n waarskuwing ontvang. Sal u voorbereid wees wanneer daardie tyd aanbreek? WvM

*Vervolg vanaf bladsy 19 – Waarom bekommerd wees oor rommel?*

gewingsbeskermings-agentskap se verslag onthul ook dat Amerikaners geweldige vermorsers van kos is. **In 2008 was 13% van alle vullis wat in die land gegenereer is, in die vorm van oorskietkos.** Dit beloop rofweg 31,790,000 ton kos wat in een jaar weggegooi was. **'n Verdere 13% van alle afvalmateriaal in 2008 – omtrent 32,900,000 ton – was in die vorm van tuinvullis** (*ibid*.).

Eerlikwaar, ons moderne samelewing is verlei tot 'n kultuur van vermorsing. Gelukkig sal dit alles verander onder die heerskappy van Jesus Christus gedurende die Millennium.

**Wat van u?**

Watter rol sal vandag se Christene speel in die Millennium? Terwyl hulle onder Jesus Christus regeer, sal aan hulle die verantwoordelikheid gegee word om die hele mensdom die lewensweg te leer wat wyse rentmeesterskap van natuurlike hulpbronne beklemtoon. "En die Here antwoord: Wie is dan die getroue en verstandige bestuurder wat die heer oor sy diensvolk sal aanstel om hulle rantsoen op tyd te gee? Gelukkig is daardie dienskneg vir wie sy heer, as hy kom, só besig sal vind. Waarlik, Ek sê vir julle, hy sal hom oor al sy besittings aanstel" (Lukas 12:42-44). Christene wat vandag wyse rentmeesterskap beoefen, hulle wat dit wat God aan hulle gegee het, goed versorg, is besig om voor te berei vir hul toekoms in die Koninkryk van God! Mag God daardie dag bespoedig, wanneer "... hulle sal sit elkeen onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom, sonder dat iemand hulle verskrik; want die mond van die HERE van die leërskare het dit gespreek" (Miga 4:4). WvM

*Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik*

*al die ander nasies van die wêreld saam*. Nou draai **ons** weg van die God wat aan ons hierdie seëninge in die eerste plek gegee het! Met verwysing na die hedendaagse afstammelinge van die antieke "Huis van Israel", beskryf God die komende "Dag van die Here" – die "tyd van benoudheid vir Jakob" wat sal plaasvind net voor Christus se wederkoms en koning Dawid se opwekking om weer koning oor al twaalf stamme van Israel te wees (Jeremia 30:4-9).

In daardie profesie beskryf God **waarom** Hy Sy mense sal moet straf net voor Christus se wederkoms: "Al jou minnaars het jou vergeet, hulle vra nie na jou nie; want Ek het jou geslaan soos 'n vyand slaan, met 'n wrede tugtiging, omdat jou ongeregtigheid groot is, geweldig jou sondes. Wat skreeu jy vanweë jou verbreking, jou smart wat ongeneeslik is? Omdat jou ongeregtigheid groot is, geweldig jou sondes, het Ek jou hierdie dinge aangedoen" (verse 14-15).

God gaan ons tugtig omrede, soos Hy sê, ons "**ongeregtigheid** groot is". Ontken enigeen dat ons sondes geweldig groot is na mate ons onsself toenemend distansieer van die God van die Bybel?

**Waarom** het ons onsself gedistansieer van die ware God? *Waarom* het ons in verwarring en alle soorte vreemde filosofieë en begrippe verval, *in direkte teenstelling* met die Bybel en sy leringe? Weereens, die Bybel is *baie duidelik* aangaande die **rede** agter ons navolging van valse godsdiens en verwarde idees! Slaan ag op hierdie profesie: "Want die herders het dom geword en die HERE nie gesoek nie; daarom was hulle nie voorspoedig nie, en hulle hele kudde is verstrooi". Byna alle skrifgeleerdes erken dat, deur die hele Bybel, die woord "herders", dikwels *dienaars* beteken. Hierdie besondere verse beskryf sekerlik *valse dienaars* of predikers wat "nie gesoek" het na die ware God van die Bybel nie (Jeremia 10:21).

God beskryf die hedendaagse, Bybelverwerpende predikante van ons mense: "**WEE** die herders wat die skape van my weide laat omkom en hulle verstrooi, spreek die HERE. Daarom, so sê die HERE, die God van Israel, aangaande die herders wat my volk oppas: Júlle het my skape verstrooi en hulle verdrywe en hulle

nie opgesoek nie. Kyk, Ek besoek oor julle die boosheid van julle handelinge, spreek die HERE" (Jeremia 23:1-2).

Weereens verwys God na hierdie vals "profete" of **predikante** wat uit hulle eie verbeelding profeteer: "So sê die HERE van die leërskare: Luister nie na die woorde van die profete wat vir julle profeteer nie; hulle vervul julle met ydele verwagtinge; gesigte uit hul eie hart verkondig hulle, nie uit die mond van die HERE nie. Hulle sê gedurig aan my veragters: Die HERE het gespreek: Julle sal vrede hê; en aan elkeen wat wandel in die verharding van sy hart, sê hulle: Geen onheil sal oor julle kom nie" (verse 16-17). Hierdie gesindheid is besig om regdeur Brittanje, Kanada en Amerika te versprei. *Dit sal voortduur*.

Die tyd gaan spoedig aanbreek wanneer *honderde miljoene* misleide mense – die meeste van hulle belydende "Christene" – letterlik **Christus** gaan **beveg** met Sy wederkoms na hierdie aarde as Koning van die konings! Wanneer beskryf word hoe "tien konings" van die herleefde Romeinse Ryk "hulle krag en mag oorgee aan die dier", openbaar God se geïnspireerde woord: "En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier. Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier. *Hulle sal teen die* Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin – want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings – en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou" (Openbaring 17:12-14).

Ek bid dat u almal, geliefde intekenaars, deur God geïnspireer mag word om "**wakker te word**" om só die voorspelde straf vry te spring, *voordat dit te laat is*! Nadat God hierdie hele vals godsdienstig-politieke stelsel genaamd "Babilon", beskryf het, beveel Hy: "**Gaan uit** haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar **sondes** mag hê en van haar **plae** ontvang nie" (Openbaring 18:4)! Die tyd van hierdie profesieë kom *inderdaad baie vinnig nader*. Jesus Christus beveel ons almal wat Sy woord en die geprofeteerde gebeure wat onderweg is, verstaan: "**Waak** dan en **bid altyddeur**, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan" (Lukas 21:36).



# Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 3016**
**Harrismith, FS**
**9880**

**of skakel : 058 622 1424**
**en meld dat u navraag doen**
**na die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**